basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# DANSSTUDIES

# RIGLYNE VIR
# PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

# GRAAD 12

# 2021

**Hierdie riglyne bestaan uit 49 bladsye.**

## INHOUDSTABEL


| | | | Bladsy |
|---|---|---|---|
| **1.** | **INLEIDING** | | **3** |
| **2.** | **PAT-NAKOMING TEN OPSIGTE VAN NSS FINALE UITSLAE** | | **3** |
| **3.** | **PAT-IMPLEMENTERING** | | **4** |
| **4.** | **GESTREMDEHEID/SIEKTE/BESERING** | | **4** |
| **5.** | **BRONNELYS** | | **4** |
| **6.** | **DOEL/VOORDELE VAN DIE PAT** | | **5** |
| **7.** | **ONDERWYSERRIGLYNE OOR HOE OM LESBEPLANNING TE BEGIN** | | **6** |
| **8.** | **ONDERWYSERRIGLYNE OM 'N LEERDEROPDRAG TE ONTWIKKEL** | | **8** |
| **9.** | **ONDERWYSERRIGLYNE VIR DIE ONTWIKKELING VAN DIE CHOREOGRAFIE-PAT** | | **8** |
| | 9.1 | Tydraamwerk | 9 |
| | 9.2 | Konstrueer 'n Dans | 9 |
| | 9.3 | Toeken van 'n Prosespunt | 10 |
| | 9.4 | Kreatiewe Idees om in PAT-klasse te Gebruik | 12 |
| | 9.5 | Idees om Leerders te Lei wat vir Choreografie vir die Kamera wil doen | 14 |
| **10.** | **ASSESSERING EN MODERERING** | | **16** |
| | 10.1 | PAT-nasieninstrument – Proses | 17 |
| | 10.2 | Nasieninstrument – Proses | 18 |
| | 10.3 | PAT-nasieninstrument – Produk | 20 |
| | 10.4 | Nasieninstrument – Produk | 21 |
| **11.** | **LEERDERRIGLYNE** | | **22** |
| | 11.1 | Choreografie Praktiese Assesseringstaak | 22 |
| | 11.2 | Tema/Beginpunt | 23 |
| | 11.3 | Navorsingsidees vir die Kies van 'n Finale Tema/Bedoeling | 24 |
| | 11.4 | Beplanning vir Kamera/Film | 28 |
| | 11.5 | Breinkaarte | 33 |
| | 11.6 | Kontrolelys | 35 |
| **12.** | **GEVOLGTREKKING** | | **47** |
| **13.** | **VERWYSINGS** | | **47** |

## 1. INLEIDING

Die 18 Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring-vakke wat 'n praktiese komponent bevat, sluit almal 'n praktiese assesseringstaak (PAT) in. Hierdie vakke is:

- LANDBOU: Landboubestuurswetenskappe, Landboutegnologie
- KUNS: Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie, Tegniese Wetenskappe; Tegniese Wiskunde
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Meganiese Tegnologie en Ingenieursgrafika en -ontwerp

'n Praktiese assesseringstaak (PAT) is 'n verpligte komponent van die finale promosiepunt vir alle kandidate ingeskryf vir vakke wat 'n praktiese komponent het en tel 25% (100 punte) van die eksamenpunt aan die einde van die jaar. Die PAT word oor die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer. Dit word in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite afgebreek wat saam die PAT opmaak. Die PAT bied leerders die geleentheid om op 'n gereelde basis gedurende die skooljaar geassesseer te word en dit maak ook voorsiening vir die assessering van vaardighede wat nie in 'n skriftelike formaat, bv. toetse of eksamens, geassesseer kan word nie. Dit is dus belangrik dat skole seker maak dat al die leerders die praktiese assesseringstake binne die toegelate tydperk voltooi om te verseker dat leerders aan die einde van die jaar hulle uitslae ontvang. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak.

Die vak **Dansstudies** het **EEN praktiese assesseringstaak (PAT)**.

## 2. PAT-NAKOMING TEN OPSIGTE VAN FINALE NSS-UITSLAE

Hierdie 2021-PAT-dokument moet in alle provinsies geïmplementeer word deur onderwysers en skole wat graad 12-Dansstudies aanbied. Die doel van hierdie riglyn is om gedetailleerde instruksies vir onderwysers en leerders te verskaf oor hoe om die PAT-inhoud te bestuur en beheer sodat dit aan die KABV-vereistes vir eksterne moderering voldoen.
***Die PAT (100 PUNTE) maak 'n kwart van die einde-van-die-jaar-eksamenpunt uit en moet die tyd en aandag gegee word wat dit toekom binne die 4 ure wat per week per kwartaal toegelaat word asook die bykomende tyd na skool, soos in die KABV aangedui.***

## 3. PAT-IMPLEMENTERERING

- Die PAT moet in die eerste twee kwartale van die skooljaar voltooi word.
- **Die PAT is 'n voortgesette proses teenoor 'n eenmalige toets/eksamen en die onderwyser moet die leerders veelvuldige geleenthede om te verbeter soos wat hulle leiding ontvang en vaardighede ontwikkel.**
- Die PAT help onderwysers om leerders se begrip onmiddellik te bepaal want dit behels aktiewe leer wat leer sigbaar maak.
- Die PAT is 'n **verpligte komponent van die finale graad 12-VOO-bevorderingspunt.**
- Dit is dus baie belangrik dat skole seker maak dat alle leerders binne die gegewe tydperk – die einde van Kwartaal 2 – die PAT voltooi.
- Indien 'n leerder versuim om die PAT te voltooi, sal die leerder aan die einde van die jaar 'n onvoltooide/onvoldoende resultaat kry.

| **KWARTAAL 1<br>PAT-PROSES** | **KWARTAAL 2<br>PAT-PRODUK** | **PAT-JAARPUNT<br>(25%)** |
|---|---|---|
| • 30 punte skriftelik<br>• 30 punte prakties | • 20 punte skriftelik<br>• 20 punte prakties | **100 PUNTE** |
| **60 PUNTE** | **40 PUNTE** | |

## 4. GESTREMDHEID/SIEKTE/BESERING

- 'n Leerder met spesiale behoeftes wat aan die begin van hierdie VOO-vak ingeskryf het, sal volgens hulle prestasievermoëns geëksamineer word en daar sal op geen manier teen hulle gediskrimineer word nie.
- 'n Liggaamlik geskikte leerder wat gedurende sy/haar graad 12-jaar ernstig siek of beseer word, kan 'n soortgelyke vergunning ontvang.
- Indien 'n voorheen gesonde kandidaat se vermoë om op te tree/dans verander, moet 'n aansoek by die provinsiale direktorate vir die nodige oorweging en goedkeuring voorgelê word.
- Mediese bewyse en getuienis deur 'n professionele persoon moet voorgelê word.
- Dit is nie van toepassing op die skriftelike of deelnamekomponente van die PAT-vereistes nie, slegs op die finale opvoeringspunt.
- Swangerskap word nie as 'n siekte of besering beskou nie. 'n Swanger leerder sal die geleentheid kry om haar PAT-assessering voor of ná die geboorte van haar baba te voltooi, alhoewel dit **binne die skooljaar** moet plaasvind.
- Die PAT-komponent kan aangepas word om beseerde leerders die geleentheid te gee om aan die finale opvoering deel te neem, bv. tree op in 'n rolstoel/sit op 'n stoel/ staan/minimale beweging.

## 5. BRONNELYS

- Leerder se handboek: *Graad 12 Uitstekende Dansstudies*
- Onderwyser se handboek: *Graad 12 Uitstekende Dansstudies* ***– onderrigmetodologieë***
- CD's, 'n versameling geskikte musiek en musiekinstrumente, klankstelsel
- Literatuur/Artikels/Handboeke oor dans (boeke, tydskrifte, die internet)
- Toegang tot navorsingsinligting oor onderwerpe wat in die leerderchoreografieë behandel sal word, bv. boeke, tydskrifte, koerante en die internet
- Naslaanwerke, soos *Dance Studies: Teaching Improvisation, Choreography and Production* (WKOD 2009 – beskikbaar by Edumedia, https://www.yumpu.com*)*
- Rekwisiete, kostuums, opvoerruimte en ander produksie-elemente, indien beskikbaar
- Videokamera/Selfoonkamera om die proses en produk van die choreografieë op te neem as bewys of om 'n video/film van 'n werk saam te stel.
- Gratis redigeerprogram indien die choreografie vir video/film saamgestel word.
- Toegang tot die skoolrekenaarkamer/-laboratorium vir navorsing/redigering.


## 6. DOEL/VOORDELE VAN DIE PAT (in die Algemene Doelwitte van die KABV – bladsy 8 en in die Spesifieke Doelwitte van Dansstudies – bladsy 9 in die KABV-dokument)

### INHOUD, VAARDIGHEDE, GESINDHEDE EN WAARDES

Die praktiese assesseringstaak (PAT) bestaan uit beide teoretiese en praktiese afdelings met 'n 50/50-gewigswaarde van toegekende punte. Die teorie moet in die praktiese afdeling geïntegreer en toegepas word.

Die PAT dien om die hoërorde-denke die uitvoervaardighede wat vir die finale geskrewe Vraestel 1 en praktiese Vraestel 2 van die NSS-eksamen benodig word, te versterk.

Dans as 'n uitvoerende kunsvorm moet nie net in die klaskamer en eksamenlokaal ervaar word nie, maar ook in produksies op die verhoog, waar moontlik. Optrede/Opvoering verhef die standaard van danstegniek en opvoer-/dansgehalte.




[Bron: http://blog.awwapp.com/6-cs-of-education-classroom/]

Die PAT moedig 'n aktiewe en kritiese benadering tot kennis/leer aan, eerder as masjinale leer (papegaaileer) van gegewe waarhede.

Die vak Dansstudies leer leerders noodsaaklike lewensvaardighede wat in die 21ste eeu vereis word. Die PAT leer jou baie meer as dans en dansvaardighede.

**Die PAT Laat Leerders Toe om Vaardighede te Ontwikkel wat in Werklike Situasies Ervaar Word, Soos:**

**Kritiese denke en probleemoplossing:**
Kritiese denke is die proses om inligting/inhoud wat in verskillende media gevind word, te filtreer, te ontleed en te bevraagteken, en om dit dan in 'n vorm saam te vat wat waarde vir 'n individu het. Dit stel leerders in staat om **sin te maak van die inhoud aangebied** en dit op hulle daaglikse lewens toe te pas.

**Samewerking:**
Samewerking is 'n vaardigheid om verskillende persoonlikhede, talente en kennis op so 'n manier te gebruik dat 'n **maksimum uitkoms** geskep word. Die uitkoms moet 'n voordeel vir die hele gemeenskap of 'n groep bied. As gevolg van sinergie het die algemene uitkoms 'n groter waarde as 'n som van waardes van elke uitkoms.

**Kommunikasie:**
Kommunikasie is 'n vaardigheid om inligting op 'n duidelike, bondige en betekenisvolle manier aan te bied. Dit versterk ook noukeurige luistervaardighede en verwoording van gedagtes. Kommunikasie **het verskillende doeleindes**: om in te lig, om opdragte te gee, motivering en oortuiging.

**Kreatiwiteit:**
In die 21ste eeu moet 'n individu iets nuuts kan skep of iets op 'n nuwe manier kan skep met gebruik van die kennis wat hy/sy reeds verwerf het. Dit dui nie net op kunstigheid nie, maar ook op verskillende oplossings vir 'n probleem in werklike situasies.

**Burgerskap/Kultuur:**
'n Individu moet in kontak wees met alles wat hom/haar omring – beide kultuur en gemeenskap.

**Karakteropvoeding/Konnektiwiteit:**
Om die belangrikheid van menslike konnektiwiteit in die wêreld vol tegnologie te verstaan, is 'n noodsaaklike vaardigheid. Karakteropvoeding sluit 'n skool se toewyding in om jongmense te help om **verantwoordelike, omgee- en bydraende burgers te word**.

## 7. ONDERWYSERRIGLYNE OOR HOE OM LESBEPLANNING TE BEGIN




**WAT moet tydens beplanning in ag geneem word?**

- Gaan weer deur die Algemene en Spesifieke Doelwitte van Dansstudies (soos in die *KABV* uiteengesit) en identifiseer areas waar doelwitte oorvleuel in die breër beplanning, spesifiek tot die PAT, geïnkorporeer kan word.
- Lees die riglyne in hierdie dokument asook die *KABV* vir voltooiing van inhoud vir nakoming.

- Die gewigswaarde van prakties en teoreties = 50/50, moet by alle beplanning ingesluit word.
- Die PAT kan in graad 11 begin word en verder in graad 12 ontwikkel word. Dit kan 'n ideale manier wees om groot getalle leerders in 'n klas te bestuur en kan oormatige stres elimineer by die leerders en hulle ontwikkeling van selfvertroue, kreatiwiteit en dansgehalte aanhelp.
- Skoolroosters moet die korrekte hoeveelheid tyd in elke kwartaal wat aan elke PAT toegeken word, aandui. Leerders moet regdeur die proses onder toesig werk en mag nie op hulle eie buite skoolure sonder toesighouding werk nie. Dit sluit beide die praktiese en skriftelike komponente in wat by die kwartaalbeplanning ingereken moet word.
- Onderwysers is verantwoordelik vir die bestuur van hulle leerders na skooltyd/gedeelde tyd vir die gebruik van venues/toerusting, ens., asook hulle veiligheid, wat beteken die onderwyser moet op die terrein wees indien hulle leerders daar is.
- Onderwysers is verantwoordelik vir die hou van 'n bywoningsregister vir alle klasse (tydens skool/na skool/bykomende tyd) vir alle leerders asook hulle betrokkenheid vir 'n ***geldige en betroubare proses/produkmark***.
- Onderwysers is verantwoordelik vir die skep van 'n DVD/elektroniese weergawe van alle leerders se PAT'e vir eksterne modereringsdoeleindes. Sluit dit by die beplanningsraamwerk in aangesien dit 'n verpligte komponent is.

**WAAROM onderwysers noukeurig moet beplan**

- Identifiseer kernwaardes wat by die PAT-beplanning geïnkorporeer moet word; lewensvaardighede asook dansvaardighede wat onderrig moet word (inhoud, konsepte, waarde en gesindhede).
- Enige vorm van kreatiwiteit vat tyd om te konseptualiseer. Hoë gehalte denke en eksperimentering sal genoeg tyd en leiding van die onderwyser benodig sodat leerders hulle kreatiewe idees kan uitleef.
- Oorweeg verskillende leer-/onderrigstyle sodat alle leerders hulle volle potensiaal kan bereik.

**HOE om dit deur onderwyserlesbeplanning te implementeer**

- 'n Uiteensetting van onderrigmetodologieë/onderrigstrategieë vir elke weeklikse klas wat direk met die leerderopdragte vir die kwartaal ooreenkom, wat die volgende aandui:
    - Hoe elke aktiwiteit 'n noodsaaklike deel van die boublokke vir die voltooiing van die PAT is, d.i. waarom is dit by die algehele beplanning ingesluit?
    - LOOM (leerder, onderwyserondersteuningsmateriaal) wat inspirerende leeswerk, besigtiging, luistermateriaal asook verwysingsbladsye in die leerderhandboek insluit vir verdere leiding/kennis/idees. Dui aan hoe dit gebruik sal word om die leerder se persoonlike groei/ontwikkeling van die leerder vir voltooiing van die PAT te bemagtig.
    - Sluit aanpasbare take in sodat dit 'n wye reeks onderrigstyle en vermoëns sal uitdaag.
    - Hoe take/aanpassings gemaak sal word vir leerders met spesiale behoeftes/beseerde/siel leerders en hoe hierdie leerders geassesseer sal word om aan die PAT-vereistes/tydraamwerke te voldoen.
    - Ingrypingstrategieë oor hoe om leerders te help om hulle doelwitte te bereik.
    - 'n Tydlyn van datums vir afdelings om voltooi te word sodat terugvoering gegee kan word oor hoe om leerders te help verbeter/groei langs die pad.
    - Finale datums vir assesserings sodat leerders voorbereid is.

## 8. ONDERWYSERRIGLYNE OM 'N LEERDEROPDRAG TE ONTWIKKEL

**Terreine om in te sluit:**

**Inspirasie:**

- Verskaf visuele stimuli om kreatiwiteit, entoesiasme en ywer in te skerp.
- Heelwat leerders is moontlik nie aan die besigtiging van 'n wye reeks choreografiese werke, wat tans in teaters/YouTube/video, ens. beskikbaar is, blootgestel nie. Vind werke wat by die PAT inskakel wat nuwe/innoverende neigings in choreografie/die gebruik van dansfusie/produksie-elemente/musiek/begeleiding en tegnologie insluit.
- Vind danswerke wat leerders sal inspireer om hulle eie tegniek, uitvoeringskwaliteit/dansgehalte en kreatiwiteit te ontwikkel.
- Doen 'n wye verskeidenheid improvisasie-aktiwiteite om leerders te lei in die skep van 'n geskikte bewegingswoordeskat vir hulle komposisies

**Opdragte/Leiding/Riglyne:**

- Gedetailleerde leerderinligtingstukke moet aan die begin van elke kwartaal verskaf word waarin beskryf word hoe elke klas/stap sal vorder en geassesseer word = tydlyn.
- Onderwysers is verantwoordelik om te verseker dat elke leerder 'n aangewese joernaal het vir die skriftelike inhoud van die proses en produk van die PAT. Dit mag nie in die taakboek vir algemene studiedoeleindes gedoen word nie want die joernaal moet vir eksterne moderering ingelewer word.
- Die leerderopdrag moet in die leerders se joernale geplak word vir modereringsdoeleindes en die verifiëring van punte.
- Die skriftelike werk moet 'n persoonlike weergawe/eie ervarings wees met betrekking tot die PAT en moet nie bestaan uit bladsye wat uit die handboek oorgeskryf is of 'n groepspoging uit die klas of portuurgroep nie.
- Die opdragte moet verwysingsbladsye na die handboek insluit wat relevant tot die PAT is.

**Nasienkriteria:**

- Leerders moet die nasienkriteria (puntestaat en rubriek) ontvang ***voordat*** die PAT begin sodat hulle beplanning en voorbereiding daardeur gelei word.
- Onderwysers moet die skriftelike werk gereeld lees en terugvoering gee vir verbetering. Dit moet duidelik wees in die aanmerkings oor die werk/datums/handtekeninge in die leerderjoernale.
- Onderwysers moet gereelde terugvoering gee oor die praktiese komponente vir die verbetering van die praktiese komponente van die PAT.
- Alle leerderjoernale en bewyse van die proses moet, sodra die PAT voltooi is, vir interne HVD/Provinsiale/DBE/Umalusi-moderering beskikbaar wees.

## 9. ONDERWYSERRIGLYNE VIR DIE ONTWIKKELING VAN DIE CHOREOGRAFIE-PAT

- In die geval van groot getalle Graad 12-dansleerders, het die onderwyser die vryheid om die leerders in groepe van **3–6 leerders** ter plaas.
- Leerders kan een groepsdans saam choreografeer (veral indien daar 'n groot aantal graad 12-leerders is) of individueel choreografeer.
- Indien daar in 'n groep gechoreografeer word, moet alle lede van die groep tot hierdie een choreografiese werk bygedra.
- As daar slegs 1 of 2 graad 12-leerders is, kan dansers van ander grade gebruik word om in die choreografie/danswerk te dans. Die PAT vereis dat leerders 'n groepsdans produseer, hulle mag nie 'n solo of duet dans nie.
- Die danswerk moet **nie 3 minute oorskry nie** as gevolg van tydsbeperkinge by die skool.
- Gehalte teenoor hoeveelheid. Onderwysers moet leerders lei om die mees relevante materiaal vir hulle finale produk te kies wat tydens hulle beplannings- en improvisasieprosesse ontwikkel is.
- 'n Verklaring van egtheid word van elke leerder vereis om te bewys hulle choreografie is nie plagiaat nie.

Kopiereg voorbehou 

- Onderwysers moet leerders help deur 'n verskeidenheid musiek vir leerders/groepe te verskaf om uit te kies indien hulle nie daarin slaag om hulle eie musiek te kry nie. Nie alle leerders het toegang tot 'n wye reeks geskikte musiek nie. Onderwysers moet ook help met die finale keuse, verdof, sny en insamel van musiek vir finale assessering en moderering.
- Onderwysers mag die skool-Wi-Fi-koppeling/oorhoofse projektors wat aan 'n skootrekenaar gekoppel is of selfone gebruik om toegang te kry tot die inhoud wat in hierdie PAT verskaf is.

## 9.1 Tydraamwerk

- Hierdie PAT word in kwartaal 1 en 2 gedoen. Dit behoort 8 tot 10 weke te neem om te voltooi.
- Vooraf voorbereiding kon in graad 11, kwartaal 4, begin het (sien bladsy 29 *KABV*-dokument).
- Elke groep se choreografie moet **2 tot 3 minute in totaal lank** wees.
- Een klas/les per week (binne die 8-tot-10-weektydperk wat vir voltooiing nodig is) moet aan hierdie PAT op die skoolrooster toegeken word. Dit moet beide prakties en geskrewe afdelings insluit.
- Bykomende tyd tydens pouses en na skool moet tussen die onderwyser en die leerders gereël word vir terugvoering en individuele aandag. Dit sal onderwysers in staat stel om groepe te help met enige areas/blokkasies wat hulle dalk ondervind en ook om advies vir verbetering te gee.
- ***Finale assesseringsdatums moet vooraf aan leerders/skole verskaf word.***

## 9.2 Konstrueer 'n Danswerk

**Onderwysers sal hulp moet verleen in die volgende prosesse dit by hul lesplanne moet insluit:**

- Om 'n denkproses in 'n konkrete konsep vir evaluering te plaas.
- Navorsing/Ondersoek van die tema gekies.
- Die gebruik van improvisasie/ondersoek/abstraksie/simboliek om 'n relevante bewegings-woordeskat te skep.
- Interpretasie van 'n gegewe idee/tema/storie in die bewegingswoordeskat.
- Inkorporeer danselemente – ruimte, tyd en krag.
- Kies en inkorporeer van toepaslike choreografiese strukture/toestelle.
- Die keuse van musiek vir die werk en hoe dit die werk sal verbeter.
- Kies 'n geskikte opvoerruimte vir die danswerk (konvensioneel/nie-konvensioneel).
- Die ontwerp van produksie-elemente vir die danswerk. **Die beplanning vir die gebruik van produksie-elemente deur elke leerder moet nie tot hul werklike opvoering beperk word nie.** Leerders moet aangemoedig word om te ontwerp/skep/konseptualiseer wat hulle in 'n produksie met 'n onbeperkte begroting sou gebruik. Relevansie/Simboliek oor hoe hierdie elemente die betekenis van die werk sal verbeter, moet ingesluit word. Dit kan aan voorgeskrewe danswerke wat hulle bestudeer, gekoppel word.
- Repetisie en bemeestering van die danswerk vir 'n finale opvoering moet veilige danspraktyk, tegniek en optrede-kwaliteit insluit.
- Ontwerp van 'n een-bladsy-programnota – dit kan in die joernaal of op 'n aparte A4-vel papier of elektronies gedoen word. Dit moet relevansie, betekenis en begrip van 'n sinopsis/bedoeling/idee toon en moet 'n kreatiewe, insiggewende aanbieding wees.
- Besinning oor hoe die groep gewerk het (interaksies, gee positiewe en negatiewe waarnemings).
- Selfbesinning oor die proses – eie sterk punte/swakhede/groei.

### 9.3 Toeken van 'n Prosespunt aan Elke Leerder met Betrekking tot:

### 9.3.1 Praktiese Inhoud

| |
|---|
| **1. Leerdergereedheid en toewyding, deelname en bydrae tot die groepdans:**<br>• Hou 'n bywoningsregister tydens/na skool vir elke leerder.<br>• Lewer gereeld kommentaar in die verslag/register oor leerdertoewyding, deelname, gereedheid en bydrae tot die groep tydens alle lesse.<br>● Lewer kommentaar op leerder se kreatiewe bydrae tot die komposisie: die bekendstelling van nuwe idees/gereedheid/navorsing/neem van risiko/kontakwerk, ens. |
| **2. Improvisasie deur leerder wat kritiese denke, kreatiwiteit en eksperimentering toon wat relevant tot die tema gekies, is:**<br>● Eksperimentering: die gebruik van improvisasie om nuwe/oorspronklike innoverende bewegingswoordeskat/musiekkeuse te skep.<br>● Improviseer: werk met rekwisiete, prente, gedigte, eie stories, danselemente en choreografiese strukture, ens.<br>● Eksperimenteer met multidissiplinêre werk of tegnologie, soos klank, video, film, rekenaars en selfone. |
| **3. Leerdereksperimentering met musiek/begeleiding – keuse om die tema te verbeter:**<br>• Verken verskillende musiekmoontlikhede met behulp van stilheid, die voeg van bykomende klank by die musiek, gebruik van perkussie met 'n liggaam, rekwisiete, ens.<br>• Musiek kan ook met behulp van rekenaarprogramme gekomponeer word.<br>• Maak gebruik van die motief, dinamiek, vind die frasering in die musiek en maak seker dat die musiek die choreografie lei. |
| **4. Leerderverkenning van finale opvoeringsaanbieding – produksie-elemente, film/konvensionele/nie-konvensionele dansruimtes:**<br>**Eksperimenteer met danselemente en choreografiese elemente/strukture:**<br>• Interessante maniere om tyd, ruimte en krag te gebruik om die choreografie te verbeter.<br>• Verseker dat komposisiestrukture ingesluit is, soos 'n begin, middel en einde, oorgange, variasie, stilheid, herhaling, opvolging en klimaks.<br>• Eksperimenteer met hoe om danschoreografie met 'n selfoon te verfilm en te redigeer.<br>• Verken konvensionele en nie-konvensionele ruimtes: die skoolsaal, strand, trappe, ens. |
| **5. Spanwerk, samewerking en probleemoplossing (mense- en tydbestuursvaardighede)**<br>● Leerder volg instruksies/gefokus/toegewyd/los konflikte op, ens.<br>**Leierskap- en organisatoriese vaardighede:**<br>● Leerder is voorbereid/verantwoordelik/gefokus/ontwikkel strategieë vir verbetering, ens. |
| **6. Leerder se gebruik van veilige danspraktyk tydens repetisies:**<br>• Maak seker dansers het opgewarm voor repetisies en afgekoel aan die einde.<br>• Om seker te maak dat dansers nie gevaarlike bewegings gebruik wat beserings kan veroorsaak nie. |

### 9.3.1 Geskrewe Inhoud

| |
|---|
| **1. Leerdernavorsing/Navorsing oor tema/bedoeling/idee gekies:**<br>• Bewyse van dinkskrum idees met die groep: emosies/sosiale kwessies/storielyn, ens.<br>• Bewyse van navorsing om inspirasie te vind: beelde/gedigte/video's, ens.<br>• Het 'n tema gekies en verseker dat dit duidelik/verstaanbaar/vertelbaar in 'n danswerk is. |
| **2. Leerderbesinning oor hoe improvisasie gebruik is in die ontwikkeling van relevante bewegingswoordeskat/simboliek moet die volgende insluit:**<br>• Besinning oor improvisasie as 'n groep en sonder hulp/solo om nuwe en opwindende bewegings te ontwikkel om die tema duidelik oor te bring.<br>• Genre/styl(e) of fusie/samesmelting van style wat gebruik is.<br>• Simboliek/Betekenis van die bewegings. |

| | |
|---|---|
| **3.** | **Die keuse van musiek/begeleiding om die volgende in te sluit:** |
| • | Hoe die musiek/begeleiding die danswerk/tema verbeter het om die volgende in te sluit:<br>o Genre/styl, ens. van musiek sowel as kunstenaar/komponis/groep, naam van die snit wat gebruik is, ens.<br>o Instrumente, lirieke, klanke/stilte, genre, tempo, ens. |
| • | Hoe die musiek/begeleiding gebruik is om die volgende in te sluit:<br>o Gebruik van motiewe, dinamika, frases, ens. in die musiek<br>o Hoe die musiek die choreografie gelei het en dit nie oorheers het nie. |
| **4.** | **Redes vir die finale keuse van opvoeringsruimte/film om in te sluit:** |
| • | Verkenning van konvensionele en nie-konvensionele ruimtes en finale keuse. |
| • | 'n Ondersoek na die geskiktheid van die ruimte gekies. |
| • | Beskrywing van die verkenning van die danselemente en choreografiese strukture wat binne die ruimte gebruik word. |
| **5.** | **Beplanning vir produksie-elemente en hoe hulle die danswerk/simboliek kan verbeter om die volgende in te sluit:** |
| • | **Kostuums:** ontwerp/kleur/toepaslikheid/kreatiwiteit |
| • | **Grimering:** ontwerp/betekenis/doeltreffendheid |
| • | **Beligting:** ontwerp/kleur/simboliek |
| • | **Stelontwerp:** uitleg/funksie/doeltreffendheid/is nie-konvensionele ruimte gebruik tot sy volle potensiaal |
| • | **Rekwisiete:** doeltreffendheid/simboliek |
| • | **Produksie-elemente:** toepaslike gebruik vir die tema gekies. |
| **6.** | **Leerder se besinning oor hoe die groep gewerk het, om in te sluit:** |
| • | Fokus, toewyding, bywoning van repetisies, bydrae, ens.<br>**Leerder se selfbesinning oor eie deelname en ontwikkeling om die volgende in te sluit:** |
| • | Voorbereidheid, kreatiwiteit, leierskapsvaardighede, spandeelname, verbeteringstrategieë, tydsbestuur en beplanning, ens. |
| • | Sterk- en swakpunte, gebiede vir verbetering. |

## 9.4 Kreatiewe Idees om in PAT-klasse te Gebruik


### 9.4.1 Improvisasie



**PUSH PHYSICAL THEATRE**

In hierdie video word verskeie metodes ondersoek om choreografie te ontwikkel deur improvisasietegnieke te gebruik.

Teater/Dansopleiding tydens COVID-19 (Stoelchoreografie)
[Bron: https://www.youtube.com/watch?v=o3bu3jhdzEE]



**GRINBERG-METODE – STOPBEWEGING-OPLEIDING**

Die Stopbeweging-opleiding van die Grinberg-metode, is deur Avi Grinberg ontwikkel. Die doel van hierdie praktyk is dat dansers nader aan hulle potensiaal moet kom ten opsigte van gesondheid, welstand, krag, buigsaamheid en ander fisiese vermoëns.
[Bron: https://www.youtube.com/watch?v=IJsfwuf6-Ao]



**DAVID BROWN SE KONTAK-IMPROVISASIE-KLAS 'FLYING AND FALLING'**
[Bron: https://www.youtube.com/watch?v=AyXKeQSYhA0]

Hoe om kontakimprovisasie te onderrig.



**IMPROVISASIEDANS**
[Bron: https://www.youtube.com/watch?v=hMdtrLXk8J0]

Hierdie video ondersoek kontakimprovisasie.

### 9.4.2 Leerders met Beserings



**Die Choreografie | NBS Sharing Dance Day Choreography 2018**

Hierdie video wys hoe 'n danswerk vir 'n beseerde leerder aangepas kan word.

[Bron: https://www.youtube.com/watch?v=7ET2QSWpvx0]

### 9.4.3 Danselemente

**EIENSKAPPE VAN BEWEGING**
[Bron: https://www.youtube.com/watch?v=XnelpHF1ZhU]

**Hierdie video demonstreer:**
Volgehoue/vibrasie/swaai/verlengde- en perkussiewe bewegings.






**'WAT IS DINAMIEK? DANS-WOORDEBOEK STEEZY.CO**
[Bron: https://www.youtube.com/watch?v=n2FRKFCKHOU]

Hierdie video toon hoe om dinamiek in dans te gebruik.



**TEATERDEPARTEMENT – BEWEGINGSKLAS**
[Bron: https://www.youtube.com/watch?v=7tNCbAb2o0o]

Hierdie video toon hoe om ruimte/tempo/ herhaling/gebaar/vorm te gebruik.

**OHAD NAHARIN BESPREEK GAGA-BEWEGING**
[Bron: https://www.youtube.com/watch?v=OGPG1QL1vJc]



Ohad Naharin, Artistiese Regisseur van Batsheva Dance Company en Batsheva Ensemble, beskryf die unieke bewegingswoordeskat wat hy ontwikkel het wat deesdae die daaglikse opleiding vir die dansers by Batsheva is.

### 9.4.4 Meng van Dansgenres/Style

**MUSIEKDEKKINGS EN SKEPPINGS**
[Bron: https://www.youtube.com/watch?v=BWairKgESbc]




'n Danser doen 'n betowerende improvisasie en meng hip hop en klassieke ballet.

### 9.5 Idees om Leerders te Lei wat Choreografie vir die Kamera Wil Doen

1. **Stel leerders bloot aan voorbeelde van danswerke wat spesifiek vir die kamera (film) geskep is,** aangesien dit nie dieselfde is as wanneer 'n danswerk wat vir 'n opvoerruimte geskep is, verfilm word nie. Om vir die kamera te choreografeer maak voorsiening vir 'n wye verskeidenheid tegnologie/multimedia, ens om by die danswerk ingesluit te word. Daar is uitstekende voorbeelde by die leerdergids-afdeling ingesluit.

**'5 toepassings wat elke danser moet hê ' – Dance Tips STEEZY.CO**
[Bron: https://www.youtube.com/watch?v=-RNPmFiARpY]




2. **Toerusting benodig:**
- Selfoon of videokamera
- Toepassings ('Apps') en redigeringsprogramme vir gebruik op selfoon- of skoolrekenaar
- Skoolrekenaarlaboratoriums vir redigering


**'Hoe om professionele video's met 'n Android-slimfoon te verfilm'**
[Bron: https://www.youtube.com/watch?v=qoxihY5Buc8]

**3. Ligging:**

- Tydsbeperkings vir die verfilmingsbeskikbaarheid van kunstenaars en die werklike venue (veral as daar in 'n nie-konvensionele ruimte verfilm word).
- Geskiktheid en veiligheid van ligging(s).
- Inagneming van beligting – tyd van die dag/klank of agtergrondgeraas/grootte van opvoerruimte/ vloeroppervlak/weer, ens.



**'Hoe om 'cool' dansvideo's te maak' – Wenke Van STEEZY se Videospan | STEEZY.CO**
Hierdie video wys hoe om dansvideo's te maak deur van die korrekte ligging en beligting gebruik te maak en hoe om te redigeer.
[Bron: https://www.youtube.com/watch?v=bOus6rT52QU]




**4. Onderwerp:**

- Spesiale effekte wat ingesluit/geredigeer kan word in finale video om die tema te verbeter.
- Hoe die inhoud insig bied oor die tema/bedoeling.



***RenRico*** is die sosiale netwerk wat dansers, skeppers en kunstenaars ondersteun

***Dit is gratis***.

[Bron: https://appadvice.com/app/renrico-dance-edit-videos/1399788059]

## 10. ASSESSERING EN MODERERING

- **Die puntestate op bladsy 17 en 20** moet gebruik word om die punte vas te lê vir elke afdeling wat vir die voltooiing van hierdie PAT vereis word.
- **Die nasienrubrieke op bladsy 18 en 21** verduidelik die toeken van punte volgens leerderprestasie.
- Onderwysers moet hul leerderopdragte sodanig skep dat instruksies vir die leerders (bladsy 6) stap vir stap uiteeneengesit word.
- **Die gewigswaarde is 50/50** vir die praktiese en geskrewe inhoud **en mag nie aangepas word nie.**
- Elke leerder word individueel nagesien wat betref hulle bydrae en deelname aan die proses en die finale opvoering/uitkoms van die PAT weerspieël.
- Die proses onthul dikwels meer oor die ware waarde van 'n leerder se deelname/ voorbereiding/kennis/eksperimentering/kreatiwiteit wat deur hierdie PAT verkry word as die finale produk wat geproduseer word.
- Die PAT kan as 'n openbare opvoering/skoolopvoering/byeenkoms of in die dansklas gedoen word. Dit kan in 'n **konvensionele/nie-konvensionele** opvoerruimte opgevoer word.
- Die PAT kon spesifiek vir verfilming gechoreografeer word (indien wel, bly al die vereistes vir voltooiing dieselfde). ***Leerders word nie filmtegnieke as deel van die kurrikulum geleer nie, dus moet dit nie by die toekenning van punte ingereken word nie.***
- **Onderwysers is verantwoordelik vir die maak van 'n DVD van elke leerder se choreografie** en vir die invordering van alle joernale/programnotas indien afsonderlik, vir eksterne moderering.
- Puntestate met leerders se name, datum van assessering, handtekeninge en punte moet in die onderwyserlêer wees saam met die rubriek wat vir die assessering van die choreografieë gebruik is.
- Gasonderwysers kan genooi word om met die PAT-assesserings te help.




**CHOREOGRAFEER VIR FILM OF OPTREE IN NIE-KONVENSIONELE RUIMTES**

[Bron: https://www.seattleweekly.com/arts/ear-supply-dance-dance-revolution]

**KWARTAAL 1 PAT-PROSES: CHOREOGRAFIE-NASIENINSTRUMENT 2021**

| NAAM VAN SKOOL:<br>NAAM VAN ONDERWYSER(S):<br>ONDERWYSER(S) HANDTEKENING/S:<br>GROEPNOMMER:<br>TITEL VAN DIE CHOREOGRAFIE:<br>HVD/MODERATOR HANDTEKENING: | MAKSIMUM PUNT | LEERDER NAME | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **PROSES: GESKREWE WERK IN JOERNAAL (5 tot 10 bladsye)** | | | | | | | |
| 1. Navorsing van/Ondersoek na tema/bedoeling/idee gekies. | 5 | | | | | | |
| 2. Die gebruik van improvisasie in die ontwikkeling van toepaslike bewegingswoordeskat/simboliek. | 5 | | | | | | |
| 3. Die keuse van musiek/begeleiding gemaak en hoe dit die danswerk verbeter het. | 5 | | | | | | |
| 4. Die redes vir die finale keuse van opvoerruimte/film. Die verkenning en gebruik van danselemente en choreografiese strukture. | 5 | | | | | | |
| 5. Beplanning van die produksie-elemente en hoe dit die danswerk/simboliek versterk het. | 5 | | | | | | |
| 6. Besinning oor die groepinteraksie en samewerking. Selfbesinning oor deelname en ontwikkeling. | 5 | | | | | | |
| **SUBTOTAAL** | **30** | | | | | | |
| **PROSES: TYDENS KLAS – ONTWIKKELING VAN PAT** | | | | | | | |
| 7. Voorbereidheid en toewyding, deelname en bydrae tot 'n groepdans. | 5 | | | | | | |
| 8. Improvisasie wat kritiese denke, kreatiwiteit en eksperimentering toon wat op die tema gekies, van toepassing is. | 5 | | | | | | |
| 9. Eksperimentering met musiek/begeleiding – keuse om die tema te verbeter. | 5 | | | | | | |
| 10. Verkenning van finale opvoeringsaanbieding – produksie-elemente, film/konvensionele/nie-konvensionele dansruimtes.<br>Eksperimentering met danselemente en choreografiese elemente/ strukture. | 5 | | | | | | |
| 11. Spanwerk, samewerking en probleemoplossing (mense en tydsbestuurs-vaardighede), leierskap en organisatoriese vaardighede. | 5 | | | | | | |
| 12. Veilige danspraktyk tydens repetisies. | 5 | | | | | | |
| **SUBTOTAAL** | **30** | | | | | | |
| **TOTAAL** | **60** | | | | | | |
| **KOMMENTAAR VIR VERBETERING/ONDERWYSERTERUGVOER:** | | | | | | | |

| **Hoe om 'n individuele lae, medium en hoë punt uit 5 toe te ken op die nasieninstrument hierbo** | | |
|---|---|---|
| **Hoog = 4 tot 5 punte** | **Medium = 2 tot 3 punte** | **Laag = 0 tot 1 punt** |

| KWARTAAL 1 PAT-PROSES-NASIENRUBRIEK VIR GESKREWE WERK IN JOERNAAL – 30 PUNTE | | |
|---|---|---|
| **TOTALE PUNT = HOOG (21–30)** | **TOTALE PUNT = MEDIUM (9–20)** | **TOTALE PUNT = LAAG (0–8)** |
| 1. Diepgaande **navorsing/ondersoek** na die tema/idees/storie/bedoeling gekies vir die danswerk is gedoen en help met die konseptualisering van die danswerk. | Voldoende **navorsing/ondersoek** na die tema/idees/storie/bedoeling gekies vir die danswerk is gedoen en help met die konseptualisering van die danswerk. | Minimale/Geen **navorsing/ ondersoek** na die bedoeling gekies vir die danswerk nie. Kon/Wou nie help met die konseptualisering van finale danswerk nie. |
| 2. 'n Wye verskeidenheid **improvisasie** is ondersoek wat kreatiewe eksperimentering/begrip en verduideliking toon van hoe dit met die ontwikkeling van nuwe bewegingswoordeskat/ oorspronklike idees/ eksperimentering, analise en abstraksie van beweging gehelp het . | **Improvisasie** is gebruik met 'n basiese begrip en verduideliking van hoe dit met die ontwikkeling van nuwe bewegingswoordeskat/ oorspronklike idees/eksperimentering, analise en abstraksie van beweging gehelp het. | Minimale/Geen begrip van hoe om **improvisasie** te gebruik tydens die skep van 'n danswerk nie. 'n Bietjie/ Minimale eksperimentering gebruik in die skep van bewegings-woordeskat. |
| 3. Insiggewende **verduidelikings oor hoe musiek/begeleiding** gekies is – proses/redes/en hoe dit die danswerk verbeter het. Instrumentasie/genre/ komponis/titel, ens. ingesluit. | 'n Basiese verduideliking verskaf vir die keuse **van musiek/begeleiding** en hoe dit die werk verbeter het deur instrumentasie/ genre/komponis/titel, ens. in te sluit. | Minimale/Geen verduideliking verskaf vir die keuse van **musiek/begeleiding** nie. Minimale/Geen besonderhede van instrumentasie/genre/ komponis/titel, ens. ingesluit nie. |
| 4. Insiggewende verduidelikings waarom die finale **opvoerruimte/filmmedia** gekies is. Uitstekende idees/keuses gemaak in die beplanning van die gebruik van ruimte.<br>Die gebruik van **danselemente** is verstaan en duidelik weerspieël in die verduidelikings van hoe dit in die danswerk opgeneem/gebruik sou word/verbeter die danswerk.<br>**Choreografiese strukture** is duidelik verstaan/regverdiging van keuses gemaak word verskaf met duidelike beskrywings oor hul opname/gebruik en verbetering van danswerk. | 'n Basiese verduideliking van **hoe opvoerruimte/filmmedia** gekies is. Sommige idees vir die beplanning van die gebruik van ruimte.<br>Die gebruik van **danselemente** toon 'n basiese begrip van hoe dit in die danswerk geïnkorporeer/gebruik kan word om die danswerk te verbeter.<br>**Choreografiese** strukture is verstaan, 'n bietjie regverdiging van keuses gemaak, is verskaf, en hoe hulle die danswerk verbeter het. | Minimale/geen begrip van hoe om 'n relevante **opvoerruimte/film media** te kies nie. Geen vooraf beplanning nie.<br>Minimale/Geen begrip van die gebruik van **danselemente** en hoe dit die danswerk verbeter nie.<br>Minimale/Geen begrip van **choreografiese strukture** nie. Minimale/Geen aanduiding van keuses gemaak om die danswerk te verbeter nie, noem slegs choreografiese strukture. |
| 5. Kreatiewe **produksiebeplanning** en ontwerp sluit in: kostuum/beligting/ verhoog/opvoerruimte/stel/tegnologie en analise van hoe dit die danswerk/ simboliek beoog, sal verbeter. | Verskaf 'n basiese **produksieplan** wat kostuum/beligting/verhoog/ opvoerruimte/stel insluit. Basiese verduideliking waarom dit gekies is. | Minimale/Geen **produksiebeplanning** nie. Minimale/Geen verduideliking vir keuse nie/kan slegs beskryf. |
| 6. Betekenisvolle besinning oor hoe **die groep interaksie gehad het** – magsverhoudings/leierskapsrolle/ spanwerk/insette/gereedheid/ bywoning/toewyding/verbetering-strategieë, ens.<br>**Selfbesinning** toon evaluering van persoonlike ontwikkeling as danser/persoon om eie sterk en swak punte in te sluit. | Basiese besinning oor hoe die **groep interaksie gehad het**. Sommige verbeteringstrategieë word verskaf.<br>**Selbesinning** toon 'n basiese begrip van persoonlike ontwikkeling en groei as 'n danser/persoon. | Minimale/Geen vermoë om te besin oor **die groepinteraksie** nie. Geen verbeteringstrategieë word verskaf nie.<br>Minimale/Geen vermoë vir betekenisvolle **selfbesinning** nie. Geen aanduiding hoe hulle ontwikkel het as 'n danser/persoon nie. |

| KWARTAAL 1 PAT-NASIENRUBRIEK VIR PRAKTIESE PROSES TYDENS KLAS – 30 PUNTE | | |
|---|---|---|
| **TOTALE PUNT = HOOG (21–30)** | **TOTALE PUNT = MEDIUM (9–20)** | **TOTALE PUNT = LAAG (0–8)** |
| 7. Volle bywoning/volledig **voorberei** en betrokke by alle areas van **deelname/ toewyding** tydens alle lesse/repetisies/ optredes. **Dra betekenisvol** tot die werk by. | Woon meeste klasse by/**voorbereid** en betrokke op die meeste terreine van **deelname/toewyding** tydens die meeste klasse/repetisies/optredes. **Dra by** tot die groep. | **Swak bywoning**/Nie voorbereid nie met beperkte/geen bydrae tot die groep nie. Dikwels afwesig/siek of sit tydens klasse/repetisies/optredes. |
| 8. 'n Wye verskeidenheid **improvisasie-strategieë** wat gebruik word om relevante bewegingswoordeskat te ontwikkel deur kritiese denke, kreatiwiteit en eksperimentering te gebruik wat met die tema/bedoeling verband hou. | Sommige **improvisasiestrategieë** gebruik om bewegingswoordeskat te ontwikkel. Kreatiwiteit en eksperimentering getoon wat op plekke met die tema/bedoeling verband hou. | Minimale/Geen **improvisasiestrategieë** gebruik om bewegingswoordeskat te ontwikkel nie. Vooraf geleerde passies/ kombinasies gebruik wat nie met die danswerk verband hou nie. |
| 9. Eksperimenteer met **musiek/ begeleiding.** Maak kritiese keuses in die keus van musiek/begeleiding wat met die tema/bedoeling verband hou. Toon uitstekende vermoë om die musiek/musikaliteit te interpreteer/verstaan. | Eksperimenteer **met musiek/ begeleiding.** Kan musiek/begeleiding kies wat met die tema/bedoeling verband hou. Toon 'n vermoë om die musiek met 'n bietjie musikaliteit te interpreteer/verstaan. | Minimale/Geen eksperimentering **met musiek/begeleiding** nie. Keuse hou nie verband met die tema/bedoeling nie. |
| 10. In staat om 'n wye verskeidenheid idees vir finale **opvoeringsaanbieding** te verken – produksie- elemente/ film/konvensionele/nie-konvensionele dansruimtes.<br>Eksperimenteer met **danselemente** en **choreografiese elemente/strukture** en kan geskikte idees kies om die bedoeling/idee/tema uit te druk.<br>Toon 'n diep begrip van samestelling. | Sommige idees verken vir **finale opvoeringsaanbieding –** produksie elemente/film/konvensionele/ nie-konvensionele dansruimtes.<br>Basiese eksperimentering met **danselemente** en **choreografiese elemente/strukture**. 'n Paar geskikte idees gekies om bedoeling/ idee/tema uit te druk.<br>Basiese begrip van samestelling. | Minimale/Geen verkenning vir **finale opvoeringsaanbieding** nie.<br>Minimale/Geen eksperimentering **met danselemente** en **choreografiese elemente/strukture** wat relevant is vir die tema nie.<br>Minimale/geen begrip van samestelling nie. |
| 11. **Werk saam** met groepslede en dra ten volle by tot die algehele sukses van die danswerk deur probleme te bestuur en uitstekende tydsbestuursvaardighede.<br>**Sterk leierskap** en organisasie-vaardighede is getoon wat suksesvolle groepwerk tot gevolg gehad. | **Werk saam** met groepslede en dra die meeste van die tyd tot die algehele sukses van die danswerk by.<br>**Leierskap** en organisasievaardighede soms gewys. Dra tot die sukses van die groep by. | Minimale/Geen **samewerking** met groepslede nie en maak baie staat op ander om besluite te neem en die groep te bestuur.<br>Minimale/geen **leierskaps-vaardighede** getoon nie. Moet voortdurend gelei word. |
| 12. Verstaan en implementeer **veilige danspraktyke** tydens repetisies en optredes/opvoerings. Kan alleen veilig werk. | Verstaan en implementeer veilige **danspraktyke** tydens die meeste repetisies en opvoerings. Kan alleen werk met 'n bietjie leiding. | Minimale/Geen begrip **van veilige danspraktyke** nie.<br>Het ten alle tye toesig nodig. |

**KWARTAAL 2 PAT-PRODUK: CHOREOGRAFIE-NASIEN INSTRUMENT 2021**

| NAAM VAN SKOOL:<br>NAAM VAN ONDERWYSER(S):<br>DATUM VAN FINALE PAT-OPVOERING:<br>ONDERWYSER(S) HANDTEKENING(S):<br>GROEPNOMMER:<br>TITEL VAN DIE CHOREOGRAFIE:<br>HVD/MODERATOR HANDTEKENING: | MAKSIMUM PUNT | LEERDER NAME | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **PRODUK: EEN A4 BLADSY PROGRAMNOTA** | | | | | | | |
| 1. Oorsig/bedoeling/idee/tema | **5** | | | | | | |
| 2. Inligting: Titel van werk/choreograaf/dansers/musiek | **5** | | | | | | |
| 3. Uitleg/formaat en aanbieding – kreatiwiteit, ontwerpelemente en aandag aan detail | **5** | | | | | | |
| 4. Programnota hou verband met danstema/bedoeling/idee/titel | **5** | | | | | | |
| **SUBTOTAAL** | **20** | | | | | | |
| **PRODUK: FINALE DANSWERK** | | | | | | | |
| 5. Bewegingswoordeskat wat simbolies gebruik word, beeld die oorsig/bedoeling/ tema met duidelikheid en insig uit. | **5** | | | | | | |
| 6. Die gebruik van opvoerruimte/produksie-elemente om die tema/bedoeling te versterk. | **5** | | | | | | |
| 7. Die gebruik van dans- en choreografiese elemente – kreatiwiteit en hou verband met die oorsig/bedoeling/tema. | **5** | | | | | | |
| 8. Algehele opvoerkwaliteit, die kompleksiteit van bewegings, toewyding, fokus en spanwerk. | **5** | | | | | | |
| **SUBTOTAAL** | **20** | | | | | | |
| **TOTAAL** | **40** | | | | | | |
| **FINALE PUNT** | **100** | | | | | | |
| **KOMMENTAAR/MODERERING:** | | | | | | | |

| **Hoe om 'n individuele lae, medium en hoë punt uit 5 op die nasieninstrument hierbo toe te ken** | | |
|---|---|---|
| **Hoog = 4 tot 5 punte** | **Medium = 2 tot 3 punte** | **Laag = 0 tot 1 punt** |


| KWARTAAL 2 PAT-NASIENRUBRIEK VIR EEN-BLADSY-PROGRAMNOTA – 20 PUNTE | | |
|---|---|---|
| **TOTALE PUNT = HOOG (15–20)** | **TOTALE PUNT = MEDIUM (7–14)** | **TOTALE PUNT = LAAG (0–6)** |
| 1. **Oorsig**/Bedoeling/Tema is relevant tot die finale danswerk. Goed geskryf/gekies met 'n uitstekende begrip van wat nodig is vir 'n oorsig/sinopsis. | **Oorsig**/Bedoeling/Tema hou soms verband met die finale danswerk. Basiese begrip van wat nodig is vir 'n oorsig/sinopsis. | **Oorsig**/Bedoeling/Tema hou minimaal/het geen verband met die finale danswerk nie. Oorsig/Sinopsis nie verstaan nie. |
| 2. **Inligting** sluit in:<br>Kreatiewe titel – hou verband met tema/bedoeling<br>Naam van choreograaf – sommige besonderhede/biografie<br>Name van dansers<br>Titel van musiek/liedjie en komponis/ groep/kunstenaar | **Inligting** sluit in:<br>Titel<br>Naam van choreograaf<br>Name van dansers<br>Gedeeltelike erkenning van musiek | **Inligting** is minimaal met min/geen aandag gegee aan die vereiste besonderhede nie. |
| 3. Die **uitleg** is kreatief, goed ontwerp met aandag aan detail, lettergroottes, plasing van inligting, ontwerp/prente/illustrasies/ kleur. | Die **uitleg** is goed ontwerp met aandag aan detail. Hou verband met die oorsig/tema/bedoeling van die danswerk. | Die **uitleg** is swak ontwerp met min/geen aandag aan detail nie. Hou nie verband met die oorsig/ tema/bedoeling van die danswerk nie. |
| 4. Die **programnota** hou verband met die oorsig/tema/bedoeling van die danswerk. Uitstekende begrip van hoe om danswerk op skrif aan te bied. | Die **programnota** hou verband met die oorsig/tema/bedoeling van die danswerk. Toon begrip van hoe om 'n danswerk op skrif aan te bied. | Die **programnota** toon dat min/ minimale/geen poging aangewend is nie. Onsuksesvol met die aanbieding van die danswerk op skrif. |

| KWARTAAL 2 PAT-NASIENRUBRIEK VIR FINALE DANSWERK – 20 PUNTE | | |
|---|---|---|
| **TOTALE PUNT = HOOG (15–20)** | **TOTALE PUNT = MEDIUM (7–14)** | **TOTALE PUNT = LAAG (0–6)** |
| 5. **Bewegingswoordeskat** is noukeurig ontwikkel/abstrak gemaak, gekonseptualiseer en beeld die simboliek van die oorsig/tema/bedoeling met duidelikheid en insig uit. | **Bewegingswoordeskat** is op plekke ontwikkel en beeld die simboliek van die oorsig/tema/bedoeling uit. | **Bewegingswoordeskat** het min te doen met die oorsig/tema/bedoeling. Word 'n versameling geleerde bewegings. |
| 6. Die dansers is goed gerepeteer in die **opvoerruimte** gekies. Bewyse van deeglike en noukeurige oorweging van die produksie-elemente vir die finale uitvoering van die werk wat die tema en bedoeling met duidelikheid versterk. | Die dansers gebruik die **opvoerruimte** deels met vertroue. Daar is bewyse van die inagneming van die gebruik van produksie-elemente vir die finale opvoering van die werk wat die tema/bedoeling tot 'n mate versterk. | Die dansers het te min gerepeteer in **opvoerruimte**. Min/Geen aandag is gegee aan die produksie-elemente vir die finale opvoering van die danswerk nie en versterk nie die tema/bedoeling nie. |
| 7. **Choreografiese elemente:** Uitstekende begin en einde wat met tema verband hou. Diep begrip van hoe om van ruimte, tyd en krag kreatief en betekenisvol gebruik te maak. | **Choreografiese elemente:** Geskikte begin en einde wat met die tema verband hou. Gedeeltelike begrip van hoe om ruimte, tyd en krag kreatief in choreografie te gebruik. | Minimale/Geen begrip van hoe om **choreografiese elemente** in 'n danswerk te gebruik nie. Minimale/Geen variasies in die gebruik van ruimte, tyd en krag nie. |
| 8. **Algehele opvoering** deur groep toon aandag aan detail, akkuraatheid, fokus, projeksie, toewyding en opvoerkwaliteit. Kompleksiteit van beweging goed ontwikkel, musikale sensitiwiteit en tydsberekening het regdeur getoon.<br>**Uitstekende spanwerk**. | **Algehele opvoering** deur groep toon akkuraatheid, fokus, toewyding en opvoerkwaliteit. Gedeeltelike kompleksiteit van beweging is ontwikkel, musikaliteit en tydsberekening getoon.<br><br>**Goeie spanwerk.** | **Algehele opvoering** is nie genoeg gerepeteer nie en toewyding ontbreek. Basiese/minimale bewegingswoordeskat met minimale/geen opvoeringskwaliteit nie.<br>**Swak spanwerk.** |

## 11. LEERDERRIGLYNE

### 11.1 Choreografie Praktiese Assesseringstaak

- Die PAT is 25% van jou finale graad 12-punte werd en bestaan uit 50 punte skriftelike inhoud en 50 punte praktiese inhoud.
- Hierdie PAT moet gedurende kwartaal 1: die proses, en kwartaal 2: die finale produk, ontwikkel word.
- Voordat met die beplanning begin word, moet jou onderwyser die finale nasienvereistes verskaf om die PAT suksesvol te voltooi.
- Versuim om hierdie PAT te voltooi, sal lei tot 'n onvolledige jaarpunt.
- Die PAT moet ongeveer 8 tot 10 weke neem om te voltooi. Daar sal EEN les per week gedurende skooltyd aan jou toegeken word.
- Bykomende tyd moet elke week tydens pouses of na skool toegeken word en individuele tyd saam met jou onderwyser moet geskeduleer word om 'n betekenisvolle PAT-choreografie aan te bied.
- Daar word van jou verwag om 'n joernaal apart van jou werk-/taakboek vir die PAT te verskaf.
- Jy kan in groepe van 3 tot 6 in jou dansklas werk om 'n 2-tot-3-minuut-groepchoreografie te voltooi. Jy mag self in hierdie choreografie optree.
- Elke groepslid moet ten volle aan die ontwikkelingsproses van 'n idee, vanaf die aanvanklike stadiums tot die finale produksie van 'n voltooide werk, deelneem.
- Jy kan ook op jou eie met 'n groep dansers choreografeer.
- Hierdie PAT sal jou vermoë toets om as 'n span saam te werk en leierskapseienskappe en inisiatief te toon.
- As 'n groep en individueel sal daar van jou verwag word om saam te werk, te kommunikeer en probleme op te los.
- Daar moet 'n getekende brief van egtheid in jou joernaal geplak wees as bewys dat dit jou eie werk is. Plagiaat sal nie aanvaar word nie en sal 'n nulpunt tot gevolg hê.
- 'n Afskrif van jou PAT-inligtingstuk, wat deur jou onderwyser verskaf is, moet in jou joernaal geplak wees.
- Alle geskrewe werk moet gedateer word om jou vordering regdeur hierdie taak te wys.
- Die beplanning en ontwerp wat jy in jou joernaal doen, is 'n proses wat gereelde besinning vereis en dokumenteer al jou idees wat tot die finale produk lei.
- ***Die belangrikste is om hierdie geleentheid te gebruik om jou kreatiwiteit, innoverendheid en oorspronklikheid te ontwikkel. INDIVIDUALITEIT IS IETS WAT GEVIER MOET WORD.***





**IDEES VIR JOERNAALSKRYF**
[Bron: https://za.pinterest.com/pin/289778557264205629/]

**JY KAN DIE TEMA HIERONDER GEBRUIK OF EEN WAT DEUR JOU ONDERWYSER VERSKAF IS**

**11.2 Die Tema/Beginpunt van Jou Choreografie Is …**


# Gedurende…




**JY KAN DIT AS BEGINPUNT GEBRUIK OM 'N WERK RONDOM JOU MENINGS, EMOSIES OF ERVARINGS GEDURENDE DIE PANDEMIE TE SKEP.**

**Baie voorbeelde word hieronder verskaf as stimulasie om jou met jou reis te help.**




[Bron: https://www.dreamstime.com/illustration/movement-restricted.html]

**11.3 Navorsingsidees vir die Kies van 'n Finale Tema/Bedoeling**




**A. PLAKKATE/SLAGSPREUKE KAN 'N INSPIRASIE WEES:**
'***Kom ons maak iets saam terwyl ons weg van mekaar af is om ons gemeenskap te verenig.'***
[Deur Holly LaRoche van Dans Informa]




**B. SOSIALE DISTANSIËRING:**
***Die sosiale distansiëring wat tans in die wêreld ervaar word, noodsaak almal om veranderinge in hul daaglikse lewe te maak.*** ' "Almal" sluit dansers in, wat dikwels daarvan afhanklik is om bymekaar te kom om dinge gedoen te kry – om klas te neem, te repeteer, te leer en te onderrig, te inspireer en geïnspireer te word.' [DeurTracie Stanfield]






[Bron: https://trokanski.org/2018/04/26/dancing-in-a-stretch-bag]






**C. SLUITINGS:**
Baie kafees en restaurante is gedwing om te sluit om die verspreiding van die virus te bekamp. ***Papieruitknipsels van kliënte sit by tafels.*** (Dit kan 'n idee wees om in jou werk op te gebruik).

## D. VISUELE BEELDE KAN 'N INSPIRASIE WEES: VEG VIR 'N UITWEG UIT COVID-19

***'n Jong seun kyk uit en wonder wat buite sy tronk lê.***
***Is dit erger? Is dit beter?***



[Bron: https://mg.co.za/friday/2020-06-11-fighting-a-way-out-of-covid-19/]



**Edvard Munch – *Die Kreet ('The Scream')'***
***'n Kunswerk wat nou in die pandemie baie relevant is.***


[Bron: https://fineartamerica.com/featured/destiny-calls-lyric-lucas.html]

## E. LEES HIERDIE UITSTEKENDE ARTIKEL OOR EENSAAMHEID:


[Bron: https://www.theguardian.com/profile/jonathanjones]

**'Ons is nou almal Edward Hopper-skilderye'**

Wie sal dan nou nie geraak word deur al die figure van mense wat gisteraand vir die NHS op hulle deurdrempels hande geklap het nie? Hulle het TV-skerms en nuuswebtuistes gevul en 'n warm prentjie van solidariteit in gedwonge eensaamheid aangebied het – **almal alleen, dog almal saam**. Daar is egter 'n paar baie minder gerusstellende beelde wat op sosiale media rondgaan. Sommige mense sê ons bestaan nou almal in 'n Edward Hopper-skildery. Dit lyk nie of dit saak maak watter een nie.



Ek neem aan dit is omdat ons so koud van mekaar geskei is en by ons eensame vensters wat uitkyk oor 'n spookagtige, leë stad, soos die vrou wat op haar bed in *Morning Sun* sit, of die ander een wat by 'n komvenster in *Cape Cod Morning* uitkyk.




Met sy verlate stedelike landskappe en geïsoleerde figure, het die Amerikaanse skilder Edward Hopper die eensaamheid en vervreemding van die moderne lewe vasgevang. Maar die pandemie het aan sy werk 'n skrikwekkende nuwe betekenis gegee.

**F. DANSWERKE KAN 'N INSPIRASIE WEES:**
***LAMENTATION* deur Martha Graham hou nou verband met gevoelens wat ons tydens die pandemie kan ervaar.**







***The Box Project***
Kyk na hierdie YouTube-dokumentêr en danswerk oor depressie.

*The Box Project*, geskep en geregisseer deur Julia James-Griffiths, verken die onderwerp van depressie en geestesgesondheidkwessies deur die medium van beweging en dans
[Bron: https://www.youtube.com/watch?v=3bQs_8qYxMc]
[Bron: https://www.youtube.com/watch?v=qqMeMiPPdFM]

**G. JY KAN OOK 'N GEDIG GEBRUIK OF JOU EIE GEDIG SKRYF:**

**AS WE KNOW IT**

People avoid each other,
We all are in our own bubbles,
No one meets your eye,
No one greets you by the hand.

We look back at the shadows of past freedom,
The times when we were the masters of our own,
Our future is controlled by our leaders,
Their decisions affect our lives.

*Deur Rupert Mathieson – Hoërskoolleerder)*
[Bron: https://www.abingdon.org.uk/poems-for-lockdown/]

**H. SPASIE KAN 'N BEGINPUNT WEES**



[Bron: https://mediocrityisthenewgenius.wordpress.com/]

**I. INTERESSANTE WOORDE WAT TYDENS DIE GRENDELTYDPERK VERSKYN:**



**'PANICGOGY':**
**'Panicgogy' beteken** om studente se beperkings te verstaan. Dit **beteken** ook om met studente via teks, foon, ens. te kommunikeer …




**'INPERKING' ('LOCKDOWN'):** 'n Staat van isolasie of beperking. Mag nie jou perseel verlaat nie.

[Bron: Pixabay
https://thelogicalindian.com/news/coronavirus-lockdown-terms-20337]

## 11.4 Beplanning vir Kamera/Film


- As jy van plan is om vir film te choreografeer, is ***dit anders as*** om 'n danswerk te verfilm om 'n rekord daarvan te hê.
- Jy het nie duur kameras nodig nie en die meesal kan jou selfoon 'n goeie werk doen.
- Die voordeel van vir 'n kamera/'n film choreografeer, is dat jy verskeie tonele op verskillende plekke kan skiet. Jy kan spesiale effekte en stilbeelde byvoeg, kleure aanpas, ens.
- 'n Goeie idee is om 'n storiebord te skep wat die verskillende plekke/skote uiteensit. Maak seker dat hierdie plekke sal werk voordat jy begin verfilm.
- Sodra jy die verskillende gedeeltes verfilm het, kan jy 'n verskeidenheid gratis toepassings ('apps') gebruik om jou werk te redigeer en enige spesiale effekte te skep wat jy wil insluit. Programme soos *Snapchat* het 'n verskeidenheid filmfilters.
- Maak egter seker dat jy, terwyl jy verfilm, die oorspronklike tema/bedoeling in gedagte hou.
- Vra jou onderwyser vir advies voordat jy voortgaan, aangesien hy/sy baie interessante wenke/inligting sal hê om jou te help.

**BEPLANNING (PRE-PRODUKSIE) IN JOU CHOREOGRAFIE-JOERNAAL:**

**1. Jou Idee:**
- Jy moet 'n storie/idee hê, hoe eenvoudig ook al.
- Probeer om jou idee in 50 woorde neer te skryf/vind 'n beeld wat jou idee kan beskryf

→

**2. Beplan Jo**u Skote:
- Jy kan STORIEBORDE maak om te help beplan hoe en waar jy die tonele gaan verfilm.



**3. Plekke:**
- Besoek elke plek waar jy sal verfilm. Vra jouself die volgende af:
  - Het jy toestemming nodig om daar te verfilm?
  - Is daar spasie vir al jou kamera-posisies/-hoeke?
  - Is daar enige gevare?
  - Sal daar onderbrekings wees?
  - Sal agtergrondklanke met jou film inmeng?

**4. Organiseer die Verfilming:**
- Jy moet in detail beplan wat jy gaan verfilm en wanneer.
- Jy moet 'n kontrolelys maak wat 'n lys is van die dansers en dinge wat jy nodig het vir die verfilming.

**Wenke Wanneer Jy Jou Choreografie Verfilm:**

**1. Oefen by die Venue:**
- Besluit op die raam/aansig/hoeke wat jy wil verfilm voordat jy begin opneem.
- Laat die dansers een of twee keer die roetine oefen sodat jy kan uitwerk waar om die kamera vir elke skoot (blokkering) te plaas.

**2. Verfilm Alles wat Jy Nodig Het:**
- Dekking beteken om seker te maak jy het al die skote wat jy vir die choreografie wil gebruik, sodat daar geen vreemde spronge/gapings is wanneer jy die finale produk redigeer nie.
- **VERFILM ALTYD 'N PAAR EKSTRA SKOTE AS WAT JY DINK JY NODIG HET.**




**KYK NA HIERDIE GOEIE VIDEO OOR HOE OM VOOR TE BEREI:**
[Bron: https://www.youtube.com/watch?v=VXAK0vzWLzQ]






**3. Verskillende Tipes Skote:**

**Lang skoot:**
- 'n Uitsig oor 'n toneel wat vanaf 'n groot afstand geskiet word, sodat mense as onduidelike vorms verskyn.



**Medium skoot:**
- 'n Kamerahoekskoot wat vanaf 'n medium afstand verfilm word.



**Nabyskoot:**
- 'n Tipe skoot wat 'n persoon of voorwerp van naby verfilm.




**Meesterskoot:**
- 'n Filmopname van 'n volledige toneel, van begin tot einde, uit 'n kamerahoek wat al die dansers in sig hou.




**Wegsnyskoot:**
'n Skoot wat van die hoofaksie 'wegsny' na enige skoot wat visuele inligting byvoeg, en dan na die oorspronklike skoot met nuwe betekenis terugkeer.

**KYK NA HIERDIE UITSTEKENDE VOORBEELDE VAN DIE SKEP VAN DANSWERKE VIR FILM EN OOK VIR INSPIRASIE EN/OF NAVORSINGSIDEES**

**1. DANSERS WÊRELDWYD IN 'INPERKING' – *SIRKEL VAN LEWE*** [Bron: https://youtu.be/FRE1JEboA-0]






**2. DANSERS VERENIG IN 'LOCKDOWN FLASH MOB'**
[Bron: https://www.youtube.com/watch?v=NsnVwevfmGY]






**3. *LOCKDOWN WALTZ deur* Kaapstad Stadsballet**
[Bron: https://www.youtube.com/watch?v=cAUwNcFjSt8]





**4. *THE CONTRADICTION OF SILENCE*** [Bron: https://www.youtube.com/watch?v=5z5qCSwPtrw&t=32s]
[Deur Alexander Ekman en die Sidney Dance Company






**5. DIE MAAK VAN *LEFT RIGHT LEFT RIGHT*** [Bron: https://www.youtube.com/watch?v=zfJkAq9MFZs]
[Deur Alexander Ekman] 'n Kort dokumentêr met Netherlands Dance Theatre 2.





**6. *PLAY*** [Bron: https://www.youtube.com/watch?v=wdMDNvLUL44]
[Deur Alexander Ekman]



**7. *BOX* – WEE DANCE COMPANY HD** [Bron: https://www.youtube.com/watch?v=joh2WjLHJRI]
[Deur Alexander Ekman]



**8. *BOXES* – COISCÉIM DANCE THEATRE** [Deur David Bolger, 2009]
[Bron: https://www.youtube.com/watch?v=loO--tvghFo]





Dans, verbeelding en skouspel word in hierdie aangrypende duet vir twee mans aangepak. Met 'n polsende klankbaan, animasie en verruklike ontwerp, ruk *BOXES* jou hart en neem jou op 'n ontdekkingsreis. Kartonbokse skep 'n omgewing wat 'n reeks gebeure laat afspeel waarmee die dansers speel. Idees en ontdekkings word versamel en getransformeer wanneer twee fabriekswerkers 'n dag by die werk met 'n verskil begin.

**11.5 Breinkaart in jou Joernaal (*sien volgende bladsy)***

## CHOREOGRAFIE BEPLANNING

### CHOREOGRAFIESE STRUKTURE

- Eksperimenteer met verskillende maniere om **die dans te begin** en te beëindig.
- Gebruik **stilheid om** sekere oomblikke uit te lig.
- Gebruik **motiewe** om die tema te versterk.
- **Patrone** maak die dans interessant om na te kyk.
- Gebruik **gebare en alledaagse bewegings**. – bladsy 45 en 258 van die handboek.

### PRODUKSIE ELEMENTE

- **Kostuums:** ontwerp/kleure/toepaslikheid/ kreatiwiteit
- **Grimering:** ontwerp/betekenis/ doeltreffendheid
- **Beligting:** ontwerp/kleure/simboliek
- **Stelontwerp:** uitleg/funksie/ doeltreffendheid/ word nie-konvensionele ruimte tot sy volle potensiaal gebruik
- **Rekwisiete:** doeltreffendheid/ simboliek
- Sien bladsy 55 in handboek vir meer inligting.

### JOERNAAL

- Maak seker dat jy **jou hele proses in 'n joernaal neerskryf.**
- Sien die kontrolelys in hierdie riglyn om seker te maak jy sluit alles in wat jy moet in jou joernaal.
- Sien bladsy 59, 60 en 141 in handboek

### TEMA

- **Dinkskrum idees** met jou groep: emosies/sosiale kwessies/storielyn
- **Doen navorsing om** inspirasie te vind: beelde/ gedigte/video's
- Besluit op jou tema en maak seker dit is **duidelik/maklik om te verstaan**

### MUSIEK/BEGELEIDING

- **Luister** na soveel musiek as moontlik, sluit verskillende genres in.
- Dink aan die gebruik van: **instrumente, lirieke, klanke/stilte, genre, tempo, ens.**
- Eksperimenteer totdat jy kry wat beste is vir jou choreografie.
- Sien bladsy 220 in jou handboek vir meer inligting.

### BEGROTING

- Jy moet dalk vir die volgende begroot: **lokaal, kostuums, rekwisiete, grimering.**
- **Bemarking** kos dalk ook geld as jy nie 'n borg kan kry nie.
- As jy jou dans verfilm, benodig jy dalk **redigeringsagteware,** maar kyk altyd of jy nie van 'n gratis weergawe gebruik kan maak nie – sien bladsy 142, 143 van die handboek.

### OPVOERRUIMTE

- Watter uitvoeringsruimte sal die beste werk vir jou tema?
- **Konvensionele/nie-konvensionele ruimtes - bladsy 35 van jou handboek.**
- Is die dansruimte veilig?
- Het ek nodig om eie krag te voorsien?
- Kan dit 'n gehoor akkommodeer?

### DANSELEMENTE

- Hoe kan ek danselemente gebruik om choreografie interessant te maak:
- **Ruimte:** gebruik verskillende vlakke, rigtings, vorms, ens.
- **Krag**: verskillende hoeveelhede energie wat gebruik word, skep dinamiek, bv. sag/hard, aggressief/rustig
- **Tyd:** variasies in tyd verskaf interessante besigtiging, bv. vinnig/stadig, kort/lang duur van bewegings, vinnige voetwerk/stadige adage
- Sien bladsy 32–34 in handboek vir meer inligting.

### JOU ROLVERDELING

- Dink aan die volgende wanneer jy besluit op jou **rolverdeling/ karakters**: is hulle betroubare mense, kan hulle doen wat jy van hulle vra?

### BEWEGINGSWOORDESKAT

- **Improviseer** as 'n groep/op jou eie om met nuwe, opwindende bewegings vorendag te kom.
- Dit moet help **om jou tema duidelik oor te bring.**
- Dink aan die genre/styl
- Gaan jy **style kombineer** om 'n unieke woordeskat te vorm?
- Wat is die **simboliek/betekenis** agter die bewegings?
- Is jou bewegingswoordeskat **oorspronklik**?
- Is dit **veilig** vir jou dansers om uit te voer?
- Sien bladsy 217 in jou handboek vir meer inligting.

### MULTI-DISSIPLINÊRE DANSWERK

- Eksperimenteer met verskillende kunsvorme as deel van jou choreografie, **bv. gedigte, beeldhouwerk, skilderye of tegnologie, bladsy 40–42**

### VERFILMING


- Het jy die toerusting?
- Sal jy in staat wees om te redigeer?
- Is daar fasiliteite by die skool wat jy kan gebruik?

### BEPLANNING VIR REPETISIES

- Het jy 'n veilige **lokaal?**
- Is daar **'n kragbron en musiekspeler?**
- Kan jou onderwyser daar wees om toesig te hou?
- Pas jy **veilige danspraktyke** toe: behoorlik opwarm/nie onveilige bewegings probeer/ nuwe bewegings sonder **toesig nie.**
- Het jy 'n repetisieskedule?

## 11.6 Kontrolelys

| | KWARTAAL 1 GESKREWE PROSES IN JOU JOERNAAL = 30 PUNTE | √ |
|---|---|---|
| 1. | **Navorsing oor/Ondersoek na gekose tema/bedoeling/idee.** Jy kan dit doen deur danswerke te besigtig, inligting op die internet op te lees, na beelde te kyk, gedigte/ aanhalings te lees, koerantartikels, woorde neer te skryf wat beweging sal inspireer wat verband hou met die finale tema wat jy vir jou werk kies. Al hierdie idees moet in jou joernaal geplaas word. Jy kan die idees wat as 'n beginpunt verskaf word, gebruik of jou eie van nuuts af vind. | |
| 2. | **Hoe jy improvisasie gebruik het** om die bewegingwoordeskat te ontwikkel wat jy in jou danswerk sal gebruik. Jy moet skryf oor jou proses, hoe jy begin het om die bewegings te skep wat vir jou danswerk gekies sou word. Hierdie bewegings moet jou storie kan vertel deur abstraksie van bewegings om simboliese betekenis te skep. Jy kan gebare, alledaagse bewegings, emosies gebruik om motiewe as 'n beginpunt te skep. Jy het dalk eksperimenteer met kontakwerk, 'n samesmelting van dansstyle, ens.  | |
| 3. | Jy moet skryf oor hoe of hoekom jy die **musiek/begeleiding vir jou danswerk gekies** het en hoe dit die danswerk verbeter het. Sluit die naam van die komponis/kunstenaar/groep asook die naam van die stuk in. Ontleed die styl/genre van die musiek, instrumentasie en hoe die komposisie emosie/betekenis geskep het wat gehelp het om die storie van jou werk te vertel/jou werk te verbeter. | |
| 4. |  Jy moet skryf oor hoe en hoekom jy op die **finale opvoerruimte** vir die werk besluit het. As jy nie 'n keuse het nie en in jou dansateljee moet optree, waar sou jy die werk wou opvoer en hoekom?<br>Dit kan 'n **konvensionele dansruimte**, soos 'n teater of die skoolsaal wees, of **'n nie-konvensionele ruimte**, soos die gange in die skool, die strand, 'n grondpad, 'n boks, ens.<br>As jy gekies het om vir film te choreografeer, moet jy die plekke dokumenteer waar jy die afdelings/hele werk sal verfilm en sê hoekom?<br>Sodra jy jou opvoerruimte gekies het, moet jy skryf oor hoe jy **danselemente sal gebruik –** ruimte, tyd en krag. Die area waar jy gaan optree, sal beïnvloed hoe jy hierdie elemente gebruik.<br>Jy sal moet skryf oor hoe jy **choreografiese elemente** gebruik het binne ruimte, tyd en krag, bv. unisoon, kanon, simmetrie, stilheid, patrone, plasing, rigting, ens. sowel as begin, middel en einde. | |

| | | |
|---|---|---|
| 5. | Jy moet beplan vir die **produksie-elemente** wat jy in jou werk sal gebruik. Selfs as jy nie 'n begroting het nie en slegs in oefenklere in die ateljee sal optree, moet jy jou indink wat jy sou gebruik het as jy 'n onbeperkte begroting gehad het. Jy moet ook redes vir jou keuses verskaf en hoe hulle jou danswerk sal verbeter, simboliese betekenis sal skep, bv.:<br>• **Kostuums** en die simboliek wat hulle in 'n gehoor sal ontlok, bv. wit vir suiwerheid, ens.<br>• **Stelle/Rekwisiete/Agtergronde –** beskryf of teken dit en verduidelik die rede vir die gebruik daarvan/insluiting in die bewegings.<br>• **Spesiale effekte/tegnologie/beligting** – soos projeksies op 'n agtergrondlap, kleure gebruik in die beligting, spesiale beligtingseffekte, ens. en hoe dit tot die danswerk sal bydra.<br>• Enige ander idees wat jy mag hê vir die uitleg van jou danswerk. ***Droom groot***.<br><br>Jy kan skoon modelle op die internet vind om jou kostuumontwerpe te teken as jy nie goed kan teken nie.<br><br><br>**Ontwerpsketse vir Akram Khan se 'Dust', deel van Engelse National Ballet se *Lest We Forget* © Kimie Nakano** | |
| 6. | Jy sal moet **besin oor hoe jou groep as 'n span gewerk het**. Het julle almal ewe veel bygedra, het julle respek getoon en na mekaar se idees geluister, het julle julleself ten volle verbind tot die proses, voorbereid na elke klas toe gekom, stiptelik gewees, ens.<br>Jy sal moet **self besin** oor jou eie deelname en ontwikkeling as 'n danser en as 'n persoon. Watter sterk punte het jy ontdek oor jouself soos leierskap, konflikbestuur, leiding neem, in staat wees om te volg, ander te motiveer, ens. | |

| JOU KONTROLELYS | | |
|---|---|---|
| **KWARTAAL 1 PRAKTIESE PROSES TYDENS KLAS = 30 PUNTE** | | √ |
| 1. | **Voorbereidheid en toewyding, deelname en bydrae:**<br>• Kom ***voorbereid*** met idees, bewegings, stimuli, musiek, ens. vir elke klas sodat geen tyd gemors word nie. Jy kan bewegingsidees tuis of op jou eie improviseer om voorbereid te wees vir die volgende klas sodat jy bewegingsidees bydra. Dit sal ook selfvertroue verseker en plaas minder druk op jou want om te 'dink in die oomblik' is nie altyd maklik nie.<br>• Jy moet ***toegewyd*** wees aan jou groep sowel as aan jouself sodat jy jou bes sal doen – 100% in elke les. Selfdissipline en die bestuur van jou eie tyd is belangrik.<br>• Maak seker dat jy gereeld dansklasse/repetisies bywoon sodat jy kan ontwikkel, leer, bydra en ***deelneem*** aan groepbespreking en idees. Jou ***bydrae*** tot die groep is nie net die bring van idees nie, maar ook om te luister en om ander idees in ag te neem. Jy moet deel wees van die oplossing van probleme/struikelblokke en die vind van kreatiewe oplossings. Jy moet krities nadink oor wat jy en jou groep skep. 'n Positiewe gesindheid. | |
| 2. |  **Improvisasie wat kritiese denke, kreatiwiteit en eksperimentering toon wat met die tema gekies, verband hou:**<br>Jy moet navors en dan eers 'n tema kies. Sodra dit gedoen is, moet jy rondom daardie tema improviseer om 'n geskikte bewegingswoordeskat te ontwikkel. Jou bewegings sal die storie/tema/emosies agter jou idees vertel en moet dus versigtig gekies word.<br>• Jy kan 'n wye verskeidenheid stimuli as 'n beginpunt gebruik, soos beelde, gedigte, woorde, rekwisiete, bv. bokse/stoele/tafels.<br>• Jy kan motiewe ontwikkel rondom woorde/gebare/alledaagse bewegings wat die bedoeling/idee agter jou werk uitdruk. Dit kan dan die grondslag van jou bewegingswoordeskat word om met variasies herhaal te word .<br><br>• Jy moet eksperimenteer met danselemente en choreografiese strukture – ruimte, tyd en krag, wanneer jy improviseer en aanhou om hul dinamiek te verander.<br>• Eksperimenteer met nuwe, verskillende dansstyle/genres of selfs die meng van dansstyle. Jy kan jou eie nuwe dansstyl skep. Dit kan iets werklik opwindend inspireer.<br>• Neem jou idees op jou selfoon op om te evalueer, te onthou en te gebruik, as 'n verwysing by die verdere ontwikkeling van jou choreografiese idees saam met die groeplede. | |

3. 

**Eksperimentering met musiek/begeleiding – keuse moet die tema versterk:** Luister na 'n verskeidenheid van musiek/begeleiding – moenie jouself beperk tot gewilde musiek wat jy van hou of net een genre/styl nie want dit kan beperkend wees. As jy nie toegang tot 'n wye verskeidenheid van musiekgenres het nie, vra jou onderwyser om jou te help.

- Die musiek/begeleiding wat jy kies, moet jou danswerk verbeter/byvoeg tot jou danswerk en help om die stemming/emosie wat jy wil skep, oor te bring.
- Jy kan ook kies om nie musiek te gebruik nie en te choreografeer op 'n gedig/woorde/ 'n gesprek wat gevoer word terwyl jy optree. Die woorde kan die motiewe wees wat jy ontwikkel. Stilte kan by jou choreografie ingesluit word.

**KYK NA HIERDIE UITSTEKENDE VIDEO:**
***The Statement*** **uitgevoer deur Nederlands Dans Theater**
**met choreografie deur Crystal Pite**



[Bron: https://www.youtube.com/watch?v=V0cUalTut_o]




**NDT REPETEER**

[Bron: https://www.youtube.com/watch?v=8b095vf30Mk]

- Eksperimenteer met verskillende musiek/begeleidingskeuses voordat jy jou finale keuse maak. **Die volgende areas is oorwegings wat jy in ag moet neem:**
  - Musiek gebaseer op verskillende tempo's, bv. 'n stadige lied met 'n gevoel van hartseer of 'n vinnige/lewendige liedjie wat vreugde kan skep.
  - Musiek gebaseer op die verskillende genres, bv. klassieke, tradisionele Afrika-musiek, jazz.
  - Vokale klanke/dreunsang en liggaamsperkussie, bv. hande klap/vingerklieke/voete stampe.
  - Instrumentasie aangesien elke instrument 'n spesifieke klank/timbre het, bv. viool, dromme en fluite.
- Sodra jy jou musiek/begeleiding gekies het, sal jy aanpas/eksperimenteer met jou bewegingidees.
- Elke stuk musiek sal 'n spesifieke bui hê, 'n dinamiek wat jy ook sal moet oorweeg.
- Bladsy 116 in die handboek beskryf verskillende metodes vir eksperimentering.

4. **Verkenning van finale opvoeraanbieding:**
**PRODUKSIE-ELEMENTE**

- Jy moet enige produksie-elemente wat jy beplan om te gebruik, by jou bewegingswoordeskat inkorporeer, bv. as jy rekwisiete soos stokke, bokse, stoele of kostuums soos baadjies/kappies/rokke gebruik, moet jy daarmee improviseer terwyl jy jou bewegingswoordeskat ontwikkel.





**KONVENSIONELE VS NIE-KONVENSIONELE RUIMTES**

- Afhangende van waar jy kies om jou danswerk op te voer – konvensionele of nie-konvensionele ruimtes – moet jy dit tydens repetisies in ag neem sodat jy oefen in dieselfde grootte gebied as waarin jy gaan optree. 'n Goeie idee is om die vloer in jou dansateljee/klaskamer af te merk terwyl jy repeteer. Dit sal voorkom dat jy rigtings, posisies, ens. moet verander wanneer jy in die opvoerruimte gekies, moet repeteer.

**EKSPERIMENTEER MET DANS- EN CHOREOGRAFIESE ELEMENTE**

Wanneer jy choreografeer, kan hierdie twee elemente nie geskei word nie aangesien hulle met mekaar verband hou.
Terwyl jy **ruimte** verken, neem die volgende choreografiese strukture in ag:



- **Positiewe ruimte:** ruimte wat iets daarin het
- **Negatiewe ruimte:** ruimte met niks daarin nie
- **Vlakke:** hoë, medium en lae posisies/groeperings
- **Patroon:** 'n beweging wat herhaal/voorspelbaar is
- **Rigting:** die rigting waarin jy kyk of die rigting waarin jou liggaam beweeg.
- **Simmetrie:** 'n gevoel van harmonieuse en pragtige verhouding en balans. Gewoonlik dieselfde aan die een kant as die ander (spieëlbeeld)
- **Asimmetrie:** wanneer twee helftes van iets nie ooreenstem nie of ongelyk is/elke kant van die liggaam iets anders doen
- **Ineensluitvorms:** vorms en patrone wat deur twee dansers geskep word
- **Grootte:** die hoeveelheid ruimte wat gebruik word, baie groot of baie klein.

Terwyl jy **tyd** verken, neem die volgende choreografiese strukture in ag:

- **Tydsberekening:** passies/bewegings uitvoer wat perfek ooreenstem met musiekritme.
- **Tempo:** dit is die spoed van die musiek wat bepaal hoe vinnig of stadig bewegings uitgevoer sal word.
- **Meter/polsslag**: dit is die tydmaatteken – hoeveel slae per maatstaf, bv. 3 slae in die maat wat gebruik word in 'n triole/wals/balans-bewegings. Dit gee gereeldheid van tydsberekening en 'n voorspelbare struktuur, bv. 3/4 en 4/4.
- **Spoed:** Hoe vinnig of stadig 'n danser beweeg.

- **Stilheid:** dit beteken nie dat 'n danser opgehou dans het nie. Dit skep ingehoue bewegings, afwagting en 'n manier om te talm, vas te hou of te rek. Stilheid help met frases. Dit word gebruik om weer aandag te trek en iets te aksentueer.
- **Duur:** die tydsduur wat 'n beweging gehou word of hoe lank dit neem om uit te voer. Dit wissel van 'n kort duur tot 'n lang duur.
- **Ritmes:** die patroon van beklemtoonde en onbeklemtoonde slae.
  - **Reëlmatige** – gestruktureer, herhalende, maklik, voorspelbaar, stabiel
  - **Onreëlmatige –** onvoorspelbaar, onseker, chaoties, ontstellend
  - **Natuurlike –** voëlklanke, hartklop, reën, storm
- **Tydsberekeningverhoudings:** dansers werk in unison, kanon, voor/na ander dansers, stadiger/vinniger as ander dansers, tydsberekening binne bewegings/optelle/ saamdanswerk



Terwyl jy die **krag verken,** oorweeg die volgende choreografiese strukture:




- **Aksent:** Om 'n beweging te beklemtoon. Dit kan gedoen word deur veranderinge aan die bewegingskwaliteit, krag, vlak of vorm – wat dit anders maak.
- **Gewig:** Dit is die gewig van die beweging. Dit wissel van lig tot swaar.
- **Energie:** Dit is die toepassing van energie op die beweging. Dit wissel van laag tot hoog.
- **Krag:** Dit is die krag wat op die beweging toegepas word. Dit wissel van sag tot sterk.

**'n Paar voorbeelde van bewegingeienskappe:**


- **Volgehou:** Hierdie bewegings is aanhoudend, konstant en vloeiend
- **Swaaie:** Hierdie bewegings swaai, verskuif en is soos 'n pendulum
- **Terughouding:** Hierdie bewegings is uitgerek, swewend of hangend
- **Ineenstorting :** Hierdie bewegings is dikwels val, ontspan, flou of 'n vrylating
- **Perkussief:** Hierdie bewegings is skielik, kapperig, kort en skerp
- **Vibrerend:** Hierdie bewegings gonsend, is wankelrig, onstabiel of bewerig.

Jy moet ook jou begin en einde oorweeg, en of daar 'n klimaks in jou stuk is.

| | | |
|---|---|---|
| 5. | **Spanwerk, samewerking en probleemoplossing (mense- en tydbestuursvaardighede) Leierskap en organisatoriese vaardighede:**<br><br>• Om goeie spanwerk en samewerking met ander dansers te verseker, luister altyd en neem deel aan alle elemente rakende die choreografiese proses. Geen idee is 'n slegte idee nie. Jou idees kan 'n beginpunt vir bespreking en eksperimentering wees.<br>• Wees vriendelik met mekaar. Moet nie praat terwyl ander hulle idees deel nie. Moenie idees wegwys nie, selfs al stem jy nie saam met hierdie idees nie. Eksperimenteer met die idees en vind uit wat die beste werk.<br>• Om te verseker dat jy jou tyd goed bestuur, stel spertye vir die insameling van hulpbronne soos musiek, produksie-elemente en repetisies.<br>• Hou jou joernaal/selfoon byderhand tydens alle besprekings om te verseker dat dit wat jy besluit prakties aangeteken en by jou geskrewe werk gevoeg is. | |
| 6. | **Veilige danspraktyk tydens repetisies:**<br><br>• Onthou altyd om behoorlik op te warm voor enige dansaktiwiteit.<br>• Maak seker dat jy gemaklike en vry-bewegende klere vir repetisies dra.<br>• Maak seker dat jou dansonderwyser by of naby is as jy middagrepetisies op jou eie geskeduleer het.<br>• Beoefen korrekte danstegnieke, bv. korrekte liggaamsbelyning en postuur.<br>• Moenie onbekende/onbeheerde/ gevaarlike bewegings sonder toesig probeer doen nie. | |

| JOU KONTROLELYS | | |
|---|---|---|
| **KWARTAAL 2 EEN-BLADSY-PROGRAM NOTA = 20 PUNTE** | | √ |
| 1. | Stel jou **oorsig** saam of vind 'n geskikte aanhaling/gedig/artikel wat die tema/bedoeling van jou werk uiteen sit of versterk. Dit moet jou gehoor laat nadink oor wat hulle op die punt is om te sien, bv. <br>***'Die meeste van ons leef ons lewens in belaglike verpligting teenoor 'n masjien wat … ons voortdurend vertel om meer te doen, meer te hê, plekke te gaan, meer geld te maak. Dit is 'n wonderlike tyd waarin daardie noodsaaklikhede verslap word. En ons moet onsself afvra: Waarvoor gee ons om? Wat waardeer ons? Wat het ons lief?'***<br>[Sir Antony Gormley, soos baie kunstenaars, dokumenteer die lewe tydens die Koronavirus-pandemie.] | |
| 2. | **Inligting:** Titel van werk/choreograaf/dansers/musiek<br>• Skep 'n uitstekende titel vir jou danswerk wat verband hou met jou tema. Bv. as jy die beeld en aanhaling hierbo gebruik het, kan jou titel wees …<br>***Wat waardeer ons? Wat het ons lief?***<br>• Sluit jou naam as die choreograaf en die groep se name as die dansers in. Jy kan 'n kort interessante biografie oor JOUSELF byvoeg.<br>• Sluit die naam/titel van die musiek, die komponis/kunstenaar/groep in. | |
| 3. | **Uitleg/formaat en aanbieding –** kreatiwiteit, ontwerpelemente en aandag aan detail:  <br>• Kies 'n beeld wat met jou tema verband hou. Dit kan ook 'n foto van jou groep of jouself wees.<br>• Maak gebruik van die skoolrekenaar as jy dit elektronies wil doen of gebruik papier, penne, kleure, uitknipsels, ens. wanneer jy jou programnota maak.<br>• Doen eers 'n rowwe uitleg sodat jy die ontwerpelemente kan sien – gebruik van spasie op die bladsy en balans.<br>• Jy kan 'n plakkaatstylontwerp doen of jy kan die A4-papier vou en 'n brosjurestylontwerp doen.<br>• Dit kan op 'n rekenaar gedoen word of jy kan die met die hand maak.<br>• Eksperimenteer voordat jy jou finale aanbieding idees kies. | |
| 4. | **Ten slotte:** Maak seker dat jou programnota verband hou met danstema/voorneme/idee/titel. Die programnota sal gebruik word om die tema van jou choreografie te assesseer.  | |

**VOORBEELD VAN 'N PROGRAMNOTA VAN DIE JOMBA-DANSFEES 2019**



**VINCENT SEKWATI MANTSOE**
**(South Africa/France)**

**"SoliiDaD, an abstract journey to oblivion"**
Created and interpreted By **Vincent Sekwati Mantsoe**
Music: **Armand Amar, Grupo Oba-Ilu, Petros Loukas Xalkias & Buddhist Monk Chant**

Loneliness remains the only true companion! An abstract journey of a traveler:
A quest to an Emperor's elegant path to oblivion, behold! the Birds taking flight,
Lions prey, howling dogs in the distance, winds, and dust raises to a silent storm.
A slavish imitation of a great monk's journey, conversing the narratives on the path
to a roaring, hissing torrent of oblivion.
Naked trees stripped by roaring sheets of hail, march on!!
Foot Forward…….
A permanent attitude behind changing expressions in thought and action, precious veils being saturated with one foot forward to uncertain note, true in aim, sentiment and sacred conscientious, behold the inevitable and unvarying oblivion.
March; breath; listen; see; speak to the patient waves of murmuring heat, sweat stinging eyes, stumbling foot forward, we never been to this path before, yet it seemed strangely familiar, Soliidad!!

"A Good traveller has no fixed plan, and is not intent on arriving"
LAO TZU

**Vincent Sekwati Mantsoe** is considered to be one of the founding fathers of South African contemporary dance and now spends his time between France and South Arica teaching, choreographing and doing masterclasses. He performed at the first JOMBA! Festival in 1998 and it is with delight that on JOMBA!'s 21st anniversary we host the world premiere of his latest solo.

18

| JOU KONTROLELYS | | |
|---|---|---|
| **KWARTAAL 2 FINALE DANSWERK = 20 PUNTE** | | √ |
| 1. | **Bewegingswoordeskat wat simbolies gebruik word, beeld die oorsig/bedoeling/tema uit met duidelikheid en insig:**<br>Jy moet teruggaan na die begin, lees jou een-bladsy-programnota en vra die vraag: Is wat die gehoor sien, dieselfde as wat ek in my oorsig geskryf het? Dit geld vir 'n lewendige opvoering van die choreografie asook choreografie vir kamera/film?<br>• Stel my begin die toneel op en sluit my einde die werk af?<br>• Is daar 'n klimaks wat die belangrikste deel van die werk beklemtoon?<br>• Hoe dra my bewegings die emosies/intensie/idee van die werk oor?<br>• Het ek die beginsels en tegnieke in die dansgenre(s) gebruik om te help met die oordrag van die boodskap? | |
| 2. | **Gebruik van opvoerruimte:** Voor die finale uitvoering van jou choreografie moet jy 'n *kleedrepetisie* hê om enige probleme waaroor jy dalk nie gedink het nie, uit te stryk. Hier is 'n paar riglyne:<br>• As jy 'n **konvensionele opvoerruimte** gebruik, kontroleer dat:<br>  o Die vloer skoon is, gereed om op te dans.<br>  o Alle rekwisiete/agtergronde/stelle in die korrekte posisie is<br>  o Ingange en uitgange op/van die verhoog af is duidelik<br>  o Die klankstelsel en jou musiek werk. Kontroleer volumebalans.<br>  o Die ligte werk/is geprogrammeer vir jou uitvoering<br>  o Enige spesiale effekte/videoprojeksies, ens. is probeer/getoets voor die uitvoering<br>• As jy 'n **nie-konvensionele opvoerruimte** gebruik, kontroleer dat:<br>  o Dit beskikbaar is wanneer jy van plan is om op te tree. Dit sal ook van toepassing wees as jy jou dansateljee/klaskamer gebruik.<br>  o Die gebied veilig is om in te dans/vloer skoon is, gereed om op te dans.<br>  o Jy in ag geneem het waar jou gehoor sal sit/staan.<br>  o Jy ruimte gelaat vir hoe die musiek/begeleiding gespeel sal word<br>  o Die tyd van die dag – jy het dalk natuurlike lig nodig. Indien nie, het jy ruimte gelaat vir beligting aangesien dit nie 'n verhoog is nie.<br>  o Ingange en uitgange na die opvoerruimte is duidelik<br>  o As jy rekwisiete gebruik – hoe sal dit op die opvoerruimte kom?<br>**Gebruik van produksie-elemente om die tema/bedoeling te verbeter:** Twee dinge moet hier oorweeg word:<br>1. Jy was ***nie in staat*** om produksie-elemente in jou finale uitvoering te gebruik nie as gevolg van 'n gebrek aan beskikbaarheid/finansies, ens. Jy moet dalk jou choreografie in die dansateljee in oefenklere uitvoer. Dit is heel aanvaarbaar. Deel van jou finale punt is egter hoe jy ***hiervoor in jou joernaal beplan*** het. Die nasiener/onderwyser moet in staat wees om, na die lees van jou beplanningsontwerpe in jou joernaal, hulle te kan verbeel wat die produksie-elemente sou gewees het as jy dit kon gebruik het. Jy sal op geen manier gepenaliseer word as jy goed beplan het nie.<br>• Jy moet die musiek gereed hê op die dag in die korrekte formaat vir jou onderwyser om te speel. Bespreek dit vooraf. Repeteer om te kontroleer dat alles werk/kan gespeel word op die musiekstelsel wat daar is.<br>2. Jy ***was in staat*** om produksie-elemente in jou finale choreografie uitvoering te inkorporeer. Maak seker dat jy die volgende nagaan:<br>• Jy moet die musiek gereed hê op die dag in die korrekte formaat vir jou onderwyser/klanktegnikus om te speel. Bespreek dit vooraf. Repeteer om te kontroleer dat alles werk/kan gespeel word op die musiekstelsel wat daar is.<br>• Maak seker dat alle groeplede hulle kostuums, rekwisiete, grimering, ens. het.<br>• Maak seker dat alle op-die-verhoog-rekwisiete/spesiale effekte in plek is.<br>• Maak seker die beligting is die korrekte kleur(e) wat jy tydens jou kleedrepetisie versoek het. Enige ander spesiale effekte wat nodig is soos projeksies, ens. | |

| | | |
|---|---|---|
| | **As jy 'n video/film as jou finale choreografie aanbied, sal die volgende gebiede gedurende nasien oorweeg word:**<br>• Jou gebruik van **opvoerruimte(s)** in jou film. Hoe geskik was die gebiede gekies vir verfilming? Hoe het dit die danswerk/tema/bedoeling verbeter?<br>• Hoe suksesvol jy die dansers voorberei het vir die uitvoering in hierdie ruimtes<br>• Hoe kreatief is die ruimte(s) gebruik?<br>• Jou gebruik van **produksie-elemente** sal insluit hoe jy:<br>  o Jou dansers geklee het<br>  o Of jy die lig oorweeg toe jy verfilm het<br>  o Of jy 'stillls', foto's, beelde, spesiale effekte ingesluit het om te help met die oordra van jou tema.<br>  o Die hoeke waarteen/posisies waarin jy jou dansers verfilm het<br>  o Die musiek/begeleiding is effektief by die film/video ingesluit.<br>**LET WEL:** Leerders wat vir kamera/film choreografeer, sal nie op redigerings- of verfilmingstegnieke gemerk word nie, aangesien dit nie by die kurrikulumopleiding van leerders ingesluit is nie. Dieselfde puntestaat en rubriek sal gebruik word om die sukses van die werk te bepaal. | |
| 3. | **Gebruik van dans- en choreografiese elemente:** Jou finale danswerk sal geassesseer word op jou vermoë om danselemente en choreografiese elemente/strukture kreatief en effektief te gebruik. Dit sal direk verband hou met jou bewegingswoordeskat hierbo uiteengesit. Hier is 'n paar areas wat jy kan oorweeg:<br>• **Hoe het ek die ruimte gebruik?** Het ek risiko's geneem, dit gebruik om die tema/bedoeling te versterk of het ek al die dansers na voor laat kyk in 'n vasgestelde formasie met niks anders wat gebeur nie?<br>• **Hoe het ek tyd gebruik?** Het ek die musiek met artistieke sensitiwiteit en musikaliteit geïnterpreteer of het ek net al my dansers saam dieselfde bewegings laat doen op die maat van die musiek?<br>• **Hoe het ek krag gebruik?** Het ek variasies van krag getoon om simbolies my tema te verteenwoordig of het my dansers al die bewegings met dieselfde intensiteit regdeur gedoen? | |
| 4. | **Algehele opvoerkwaliteit, kompleksiteit van bewegings, toewyding, fokus en spanwerk:** Die sukses van die finale uitvoering sal afhang van hoe goed julle as 'n groep gewerk het. Hier is areas wat jy nodig het om te demonstreer in jou finale prestasie:<br>• **Uitvoeringskwaliteit:** Dit is die vermoë van die groep om betekenis te maak van die bewegings wat jy/hulle gekies het. Om met musikaliteit en sensitiwiteit te dans. Om 'n emosionele impak op 'n gehoor/kyker te maak. Dis die kwaliteit wat 'n danswerk neem van 'slegs dit onthou' tot 'persoonlike interpretasie gee'.<br>• **Die kompleksiteit van bewegings:** Dit is die vermoë van die dansers om hoë vlakke van koördinasie, oorgange, behendigheid, beheer, omvang van beweging, krag, uithouvermoë, tegniek, beginsels van die dans genre(s) aangebied te toon.<br>• **Toewyding:** Dit is die vermoë van die dansers om ten volle te verbind tot die bedoeling/tema van die werk sowel as aan elke beweging en die ander dansers in die uitvoering. Om hulself in die werk te verloor.<br>• **Fokus en spanwerk:** Dit is die vermoë om heeltemal in die oomblik te wees. Niks anders lei jou aandag as 'n danser af nie. Jy is teenwoordig in die werk en ten volle bewus van diegene saam met wie jy optree en sodanig kan jy reageer op veranderende situasies/emosies/toestande. | |

<table>
<tr><th colspan="2">VERKLARING VAN EGTHEID</th></tr>
<tr><td colspan="2">Hierdie verklaring moet deur die leerder voltooi en onderteken word en deur die onderwyser geteken word en dek alle bewyse wat ingedien is.</td></tr>
<tr><td>Leerder se naam en van:</td><td>Datum:</td></tr>
<tr><td colspan="2">Ek verklaar dat die aangehegte PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK alles my werk is en sluit geen werk deur enigiemand anders as ek of my groep in nie. Ek het hierdie taak voltooi volgens instruksies en binne die bepaalde tydsbeperkings.</td></tr>
<tr><td>Leerder handtekening:</td><td>Datum:</td></tr>
<tr><td colspan="2">Onderwyser bevestiging<br>Namens ........................................................................................ (skoolnaam),<br>Verklaar ek dat bogenoemde leerder, na die beste van my kennis, die choreograaf is van die voltooide opdrag aangeheg en dat die assessering onder die vereiste voorwaardes voltooi is.</td></tr>
<tr><td>Onderwyser handtekening:</td><td>Datum:</td></tr>
<tr><td>Hoof handtekening:</td><td>Datum:</td></tr>
</table>

## 12. GEVOLGTREKKING

Na voltooiing van die praktiese assesseringstaak moet leerders in staat wees om hulle begrip van die bedryf te demonstreer; hulle kennis, vaardighede, waardes en redenasievermoëns te versterk, en ook betrekkinge buite die klaskamer te vestig en uitdagings in die wêreld daar buite aan te durf. Die PAT ontwikkel verder leerders se lewensvaardighede en gee hulle die geleentheid om by hulle eie leerervarings betrokke te wees.

## 13. VERWYSINGS

*Kurrikulum 2012. KABV – Nasionale Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring Graad 10–12.* Pretoria: Departement van Basiese Onderwys.

Botha, S en Levy, R. (2014) *Uitstekende Dansstudies Leerderboek Graad 12*. Suid-Afrika: Cambridge University Press

Edumedia: Wes-Kaapse Onderwysdepartement LOOM https://www.yumpu.com

**ELEKTRONIESE BRONNE:** Toegang op 11 Junie – 20 Julie 2020

'The 6 Cs of Education': http://blog.awwapp.com/6-cs-of-education-classroom/

Teater-/Dansopleiding Tydens COVID-19 (*Chair Choreography*):
https://www.youtube.com/watch?v=o3bu3jhdzEE

Grinberg-metode: Stop Bewegingopleiding: https://www.youtube.com/watch?v=IJsfwuf6-Ao

David Brown se Kontakimprovisasieklas: *Flying and Falling*:
https://www.youtube.com/watch?v=AyXKeQSYhA0

Improvisasiedans: https://www.youtube.com/watch?v=hMdtrLXk8J0

Die Choreografie | NBS Sharing Dance Day Choreography 2018:
https://www.youtube.com/watch?v=7ET2QSWpvx0

Bewegingsgehalte: https://www.youtube.com/watch?v=XnelpHF1ZhU

Wat is Dinamiek? | Dance Dictionary: Steezy.Co https://www.youtube.com/watch?v=n2FRKFCKHOU

Teaterdepartement – Bewegingsklas: https://www.youtube.com/watch?v=7tNCbAb2o0o
*Ohad Naharin Discusses Gaga Movement* - https://www.youtube.com/watch?v=OGPG1QL1vJc

'n Danser voer 'n betowerende improvisasie van *The Swan - Carnival of the Animals* op:
https://www.youtube.com/watch?v=BWairKgESbc

'5 Apps Every Dancer Should Have| Dance Tips': Steezy.Co -
https://www.youtube.com/watch?v=-RNPmFiARpY

Hoe om Professionele Video's met 'n Android-slimfoon te Verfilm:
https://www.youtube.com/watch?v=qoxihY5Buc8

Hoe om 'cool' Dansvideo's te Maak – Wenke van Steezy's Video Team: Steezy.Co:
RenRico is die Sosiale Network wat Dansers, Skeppers en Kunstenaars Ondersteun –
https://appadvice.com/app/renrico-dance-edit-videos/1399788059

Choreografeer vir film of optree in nie-konvensionele ruimtes:
https://www.seattleweekly.com/arts/ear-supply-dance-dance-revolution

Idees vir Joernaalskryfwerk: https://za.pinterest.com/pin/289778557264205629/
Tekens: https://stock.adobe.com/contributor/201309676/petr-necas

Ander woorde vir 'kwarantyn' ('quarantine') – https://thesaurus.plus/synonyms/quarantine

Letterwerk: https://www.lettering-daily.com/types-of-lettering/

Stimulus As Beginpunt: https://www.dreamstime.com/illustration/movement-restricted.html

Aan Rolstoel Gekluister, Ruimte, ens.:
https://trokanski.org/2018/04/26/dancing-in-a-stretch-bag

Cafés Images – Reuters/Brian S. *Fighting A Way Out Of Covid-19*:

Inperking: *'n Jong seun kyk uit en wonder wat buite sy tronk lê. Is dit erger? Is dit beter? -*
https://fineartamerica.com/profiles/meghan-shepperson

Artikel oor Eensaamheid: https://www.theguardian.com/profile/jonathanjones

*The Scream* – Edvard Munch(Artwork)

Fyn Kuns Deur Danswerke geïnspireer:
https://fineartamerica.com/featured/destiny-calls-lyric-lucas.html

*Lamentations*: Martha Graham

*The Box Project*: https://www.youtube.com/watch?v=3bQs_8qYxMc
https://www.youtube.com/watch?v=qqMeMiPPdFM
https://mediocrityisthenewgenius.wordpress.com/

Gedig: https://www.abingdon.org.uk/poems-for-lockdown/

Interessante Nuwe Woorde wat Tydens Inperking Verskyn Het: Beeldbron: Pixabay
https://thelogicalindian.com/news/coronavirus-lockdown-terms-20337

Beplanning (Pre-produksie): Reuters/Brian Snyde:
https://www.abc.net.au/ https://northernballet.com/
https://www.storyboardthat.com/storyboards/ece816b6/dance-audition-storyboard

Hoe om vir Verfilming Voor te Berei: https://www.youtube.com/watch?v=VXAK0vzWLzQ

Lang skoot 'step up': https://screenrant.com/step-up-best-dance-routines-ranked/

Medium skoot: https://www.puresytycd.com/2012/11/21/step-up-revolution-giveaway/step-up-revolution-3/

Nabyskoot: https://medium.com/rue-magazine/spoiler-alert-les-twins-workshop-not-worth-it-56669d9bdace

Meesterskoot: https://celebrity.nine.com.au/latest/les-twins-juggling-beychella-men-in-black-cats/b4a3e5ab-0dd3-4f0c-8ced-5c1866a5254a

Dansers In Wêreldwye Inperking – *Sirkel van Lewe*: https://youtu.be/FRE1JEboA-0

Dansers Staan Saam in *Lockdown Flash Mob*: https://www.youtube.com/watch?v=NsnVwevfmGY

*Lockdown Waltz* – Cape Town City Ballet: https://www.youtube.com/watch?v=cAUwNcFjSt8

Alexander Ekman. Sidney Dance Company. *The Contradiction of Silence*:
https://www.youtube.com/watch?v=5z5qCSwPtrw&t=32s

Die Maak Van *Left Right Left Right* by Alexander Ekman. 'n Kort Dokumentêr met Netherlands Dance Theatre 2: https://www.youtube.com/watch?v=zfJkAq9MFZs

*Play* deur Alexander Ekman: https://www.youtube.com/watch?v=wdMDNvLUL44 -.

*Box* – Wee Dance Company Hd: https://www.youtube.com/watch?v=joh2WjLHJRI

Coiscéim Dance Theatre: *Boxes* deur David Bolger, 2009:
https://www.youtube.com/watch?v=loO--tvghFo

Ontwerpsketse vir Akram Khan se 'Dust', deel van English National Ballet se *Lest We Forget* © Kimie Nakano

Wys beperkings van bewegings: https://www.gettyimages.com/photos/tokyo-disneyland?mediatype=photography&phrase=tokyo%20disneyland&sort=mostpopular

*The Statement* opgevoer deur Nederlands Dans Theater met choreografie deur Crystal Pite: https://www.youtube.com/watch?v=V0cUalTut_o

Repetisie: https://www.youtube.com/watch?v=8b095vf30Mk

Ontwerpelemente: https://za.pinterest.com/pin/262616222001630132/

Eksperimentering met 'n relevante tema: https://t1.gstatic.com/images?q=tbn:ANd9GcTcARMne-hA_S04ySCeY025La7rn9AQhUN82HbO1V5gPvD2Bgr0

Bewegingswoordeskat-stimuli: https://t1.gstatic.com/images?q=tbn:ANd9GcTE5G80vPw4QVxX2jcSc-8xB0gtzMTI7fzF7rfZLCXfWaQ3nRpF